# 'N KONFESSIONELE ONDERSOEK NA DIE INHOUD, INKLEDING EN FUNKSIONERING VAN DIE AMP VAN OUDERLING EN DIAKEN IN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA

C. J. SWART

# ‘n Konfessionele ondersoek na die inhoud, inkleding en funksionering van die amp van ouderling en diaken in die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika

Cornelius Johannes Swart

Skripsie ingehandig ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad Magister Theologia in die Fakulteit Teologie, Departement Ekklesiologie aan die Universiteit van die Vrystaat.

**November 2004**

**Studieleier:** Prof. R.M. Britz

## INHOUDSOPGAWE


1. Inleiding 1

2. Die ontstaansgeskiedenis en die ontwikkeling van die ampte 3

2.1. Inleidende opmerkings 3

2.2. Die ontwikkeling van die ampte 5

2.3. 'n Eksegetiese studie van *Presbuteros, Episkopos* en *Diakonos* vanuit die Pastorale Briewe 6

2.4. Samevattende opmerkings 14

2.4.1 *Presbuteros* en *Episkopos* 14

2.4.2 *Diakonos* 16

3. Die amp soos deur Rome en die Reformatore beskou. 16

4. Die inkleding en omskrywing van die amp vanuit 'n gereformeerde konfessionele vertrekpunt 20

5. Die Amp vanuit die Belydenisskrifte 25

5.1. Agtergrond 25

5.2. Die Heidelbergse Kategismus 27

5.3. Die Nederlandse Geloofsbelydenis 29

6. Die ampte vanuit die Gereformeerde Kerkorde 34

6.1 Die posisie van 'n Kerkorde 34

6.2. Die Kerkorde van die Gereformeerde Kerke in Nederland 35

6.3. Die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 38

7. Die ampte in 'n tyd van vernuwing 40

8. Praktiese toepassing 44

9. Bronne 52

# 1. INLEIDING

Hierdie studie het te make met 'n gereformeerde konfessionele en teologiese verantwoording van die ampte soos vergestalt in die Skrif, gereformeerde Belydenisskrifte en hoe dit in die praktyk tot uitvoering kom. Die ondersoek is beperk tot die amp van ouderling en diaken. In sy doktorale proefskrif, *Praerogrativa Singalaris Amp* in die Gereformeerde pastoraat, skryf PJ Rossouw "dat die gereformeerde ampsbeskouing tans in 'n krisis verkeer: Van alle kante word die positiewe uitbouing daarvan bedreig; enersyds deur die invloed van die tradisionele klerikalistiese ampsbeskouing, en andersyds deur die moderne demokratiese ampsbeskouing" (Strauss 1991:77). Beide hierdie bedreigings vra deeglike verdiskontering.

(a) Die klerikalistiese benadering:

Aanhangers van hierdie benadering tref 'n skerp onderskeid tussen geestelikes en leke. Die ampsdraers eien hulle die reg toe om alle mag in die regering, regspraak en leer van die kerk uit te oefen. Die gemeente, so reken hulle, kan met gemak sonder die samewerking van die gemeentelede bestuur word. Gemeentelede word deur die bank as deel van 'n amplose massa beskou wat in geestelike onmondigheid verkeer. Die Reformatore het hulle misnoeë met hierdie benadering duidelik te kenne gegee. In hulle kritiek het hulle die klem op die unieke aard van die kerk laat val. Die rede vir 'n klerikalistiese benadering lê deels in die bewoording van Kerkordes opgesluit ( Strauss 1990: 79). Die woord "diens" word met die woord "amp" vervang. Gevolglik word die amp ingekleur aan die hand van "amp" in plaas van diens.

Dijk verwoord sy standpunt en siening rondom die amp op 'n interessante wyse. "De prediking van het Evangelie is een arbeid, die Jezuz Christus, de Gezondene des Vaders, vanuit de hemel, door de Heilige Geest in en door de gemeente verricht, en in die arbeid verheerlijkt de Geest de Zoon, zoals de Zoon de Vader verheerlijkt in al het werk, dat Hem opgedragen is te doen" (Dijk 1955:90). Dit plaas die ampte voorts midde in die werk van die Drie eenheid. Ampsdraers se dienswerk kry slegs betekenis en waarde wanneer dit die werk van God as ons Vader, Christus as ons Verlosser en die Heilige Gees as ons trooster voortsit. Dijk verskil voorts van dié wat dienswerk met die woord amp omskryf. Volgens Dijk is die woord 'amp' nie 'n Bybelse begrip nie. Die woord 'amp' dra die betekenis van 'n ambag wat verrig word. Dijk verkies eerder die bewoording van *priesterskap* (Ou Testament) en *opsienerskap* ( Nuwe Testament).

Smit is van mening dat die ampsbeskouing in Suid – Afrika in 'n groot mate deur die Westerse denkwyse bepaal word ( Strauss 1991:80). Dit gee aanleiding tot 'n denkskool waarin die kerklike amp tot status verhef word. Aan die ampsdraers word bepaalde bevoegdhede op grond van hulle status toegeken. Kritiek teen 'n siening waarin die amp tot 'n statusposisie verhef word, kom kort op die volgende neer: Die feit dat Christus mense in sy diens gebruik beteken nie dat Hy sy mag aan sy dienaars delegeer, sy persoonlike en direkte regering van die kerk uit sy hande laat neem en toelaat dat die amp teenoor en selfs bo die gemeente gestel word nie. Die amp is in wese deur Christus ingestel sodat sy kerk gedien kan word. In 'n gemeente mag daar nooit 'n situasie ontstaan waar die ampte die aktiewe vennote en die gemeente die passiewe vennote word nie.

(b) Die demokratiese benadering:

Die demokratiese benadering is in vele opsigte die teenpool van die klerikalistiese benadering. Terwyl die amp by laasgenoemde oorskat word, word die amp deur eersgenoemde onderskat. Die demokratiese benadering verskraal die amp deur dit as 'n blote verlenging van die amp van die gelowige te tipeer (Strauss 1991:80–82). Aanhangers van die demokratiese benadering kondig die mondigheid van die gewone lidmaat met groot gewag aan. Gevolglik word die amp as oorbodig, of hoogstens as 'n handige pluspunt beskou. Die plaaslike gemeente word in die lig van die Nuwe Testamentiese charismatiese gemeenskap sonder institusionele ampte beskou. Ook hierdie benadering en siening van die ampte hou, soos die klerikalistiese benadering, vir die kerk van Christus wesenlike gevare in. Ten eerste kom die bediening van die sleutelmag onder skoot. Tweedens verruil die demokratiese benadering die rol van die ampte vir 'n meer sosial- maatskaplike benadering.

Beide bogenoemde benaderings ten opsigte van die amp skep vir die *pastor loci* sowel as vir die plaaslike kerk 'n probleem. Elke benadering het minstens teologiese en ekklsiologiese konsekwensies vir die bediening in lokale verband. Dit vergestalt sigself in terme van 'n ekklisioiologiese struktuur. Dit is juis die vergestalting van hierdie struktuur, en die konsekwensies daarvan binne die tradisie en denkraam van die NG Kerk ( Die skrywer is 'n predikant in die NG Kerk Willowmore) wat die studie tot gevolg het. Die onbehaaglikheid van die praktyk het die vraag na die gereformeerde oortuiging in sy Skriftuurlike omgewing aan die hand gedoen. Wat is hierdie Skriftuurlike singewing? Hoe is daaraan in die gereformeerde belydenisskrifte beslag gegee? En, waarom?

Die argument van die ondersoek is dus deur hierdie vraagstelling gestempel. Metodologies kom dit neer op 'n eksegetiese studie (in die Gereformeerde oortuiging gaan die Skrif voorop), wat aangevul word deur verrekening van die Gereformeerde belydenisskrifte sowel as 'n verkenning van toepaslike sekondêre literatuur. Hierdie metode, waarin die Skrif as norm gegeld het, het aan die argument wat gevoer word, 'n verantwoorde basis en gang in terme van dokumentasie gegee. Daarby het die logiese uiteensetting, taal en styl 'n bydraende rol gespeel om tot 'n duidelike gevolgtrekking te kom.

Oorsigtelik kom die struktuur van die skripsie op die volgende neer. 'n Eksegetiese ondersoek na die ontstaan, rol en die funksie van die ampte vanuit die Skrif dien as vertrekpunt vir die ondersoek. Na afloop van die eksegetiese ondersoek word 'n kort opsommende opmerking rakende die ampte, soos vanuit die Skrif, weergegee. Daarmee word voldoen aan die gereformeerde oortuiging dat die Skrif voorop gaan. Die ondersoek kring wyer deur die lens op Rome en die Reformatore se interpretasie van die ampte te fokus. Weens die konfessionele vertrekpunt van die studie verskuif die aandag derdens na die Belydenisskrifte. Die Heidelbergse Kategismus en die Nederlands Geloofsbelydenis dien as bronne om die verstaan en inkleding van die ampte in 'n teologiese raamwerk te plaas. Vanuit hierdie Skriftuurlike-konfessionele benadering verskuif die fokus dan na die praktyk. Die Kerkordes van die Gereformeerde Kerken in Nederland (1959) en die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika (2003) is in die verband die riglyn.

Die ondersoek na die ontstaan, inkleding en funksionering van die ampte in die Nederduitse Gereformeerde Kerk poog om die gaping tussen konfessie en praktyk as 'n ekklisiologiese probleem uit te lig. Dit is juis hierdie punt wat die waarde van die studie uitlig. 'n Kernprobleem in die teologie van die NG Kerk is juis dat die belydenisskrifte nie meer normatief aangewend word in die beoefening daarvan nie.

## 2. DIE ONTSTAANSGESKIEDENIS EN ONTWIKKELING VAN DIE AMP VAN OUDERLING EN DIAKEN

### *2.1. Inleidende opmerkings*

'n Soektog na die ontstaan, inkleding en funksionering van die ampte kan op geen ander plek as die Skrif begin nie. Gevolglik skop die ondersoek af deur 'n eksegetiese studie van die Pastorale Briewe. Die uitgangsspunt van die ondersoek sentreer rondom die belydenis dat Christus die Hoof van sy kerk is. As Hoof roep Christus, deur sy Woord en Gees, mense om

in sy diens te staan. Tydens die eksegese gaan die fokus primêr op die persoon binne die amp wees. Die persoon binne die amp se lewe en dienswerk moet 'n duidelike heenwysing na hulle Hoof Christus wees. Omna die verhouding tussen 'n ampsdraer en Christus terug te verwys, word die Skrif (die Pastorale Briewe) as bron gebruik. Daar is algemeen konsensus onder kommentatore dat die Pastorale Briewe in die tweede helfte van die eerste eeu tot stand gekom het (Beker 1994:42). Eksegete soos Beker en Klijn, plaas vraagtekens agter die aanduidings dat die Pastorale Briewe deur Paulus geskryf is. Die argument dat Paulus die briewe aan Timoteus en Titus geskryf het word deur Beker verwerp, "The Pastoral Epistles demonstrate the considerable distance between the historical Paul and the Paul depicted in the Pastoral Epistles" (Beker 1994:44). Beker se argument dat Paulus nie die skrywer van die Pastorale briewe is nie, berus op:

(a) Paulus se polemiek met die Jode en die Torah figureer glad nie in die Pastorale Briewe nie en

(b) In die Pastorale Briewe geniet Paulus onbetwiste gesag. Hierdie aansien is in stryd met die res van Paulus se briewe waarin hy telkens sy "apostelskap" moes verdedig.

Soos Beker betwis Klijn ook die veronderstelling dat Paulus die skrywer van die Pastorale briewe is. Klijn se argument berus op:

(a) Die situasie wat in die Pastorale Briewe beskryf word, verskil met data uit Handelinge
*(b)* Die kerk word anders beskryf as in die res van Paulus se briewe
*(c)* Die stryd teen die valse leringe pas nie by die Pauliniese tydperk nie.
*(d)* Die literêre gebruik van die Pastorale Briewe is nie in lyn met ander briewe wat Paulus geskryf het nie (Klijn 1980:133).

Die Pastorale Briewe is dus klassieke voorbeelde van pseudepigrafiese litertuur (Pelser 1984: 175). Die vermoede bestaan dat 'n onbekende outeur die Pastorale briewe geskryf het. Om gesag aan sy briewe te verleen het die outeur Paulus se naam aan die briewe gekoppel. Die skrywer verteenwoordig 'n skool wat uit Paulus se werk ontstaan het. Voorts het Timoteus en Titus verskillende gebiede bedien. Titus was meer in die kerk in Korinte werksaam terwyl Timoteus meer onder die verskillende gemeentes in Masadonië werksaam was (Klijn1980:125). Die geografiese afstand tussen die gemeentes is 'n aanduiding dat die konteks van elke gemeente verskil het. Dit is belangrik om die verskillende kontekste in gedagte te hou wanneer die Pastorale Briewe gelees word. "The Pastoral Epistles can only be understood and correctly appraised within their historical – theological context if one pays attention to the enormous change which the church experienced" (Beker 1994:53). In die

Pastorale Briewe word Paulus se denke op 'n manier aangewend om die kerk te help om by die veranderende situasie aan te pas. Klijn is van mening dat dit veral twee bedreigings inhou:

(a) 'n Gevaar van buite – Die kerk was met valse leringe gebombardeer wat die lidmate verwar het;

(b) Die gevaar van binne – wanorde kon gemeentes destabiliseer. Dus was die ontwikkeling van die ampte 'n natuurlike verdedigingsmeganisme om die bedreigings te neutraliseer en dissipline te skep (Klijn 1980:126–127).

### *2.2. Die ontwikkeling van die ampte*

Voordat 'n volskaalse eksegese geloots kan word, moet die geskiedenis gefynkam word om die eerste spore van die ontwikkeling van die ampte na te speur. Die term *presbuteros* kom in die Septuagint as weergawe van verskeie Hebreeuse terme voor. "The terms are used to describe individuals who are advanced in age" (Mappes 1997:80-81). Mappes voer die ontstaan van die "oudstes" terug na die Semitiese volke se sterk patriargale stelsel. "As parents wield authority in a family, so elders wield authority in the life of the clan, tribe, or local community" (Mappes 1997:81). Die "oudstes" was ook 'n belangrike groepering in Israel se samelewing. Die rol van die "oudstes" kom reg deur Israel se geskiedenis baie sterk na vore. "The elders maintained their important role even after Israel changed from a nomadic society to a state monarchical society" (Mappes 1997:82). Van die "oudstes" is verwag om besluite te neem, en toe te pas, op grond van die riglyne soos vanuit die Tora verkry.

Die ontwikkeling van die rol van die "oudste" in die Nuwe Testament is gesetel in die funksie van die familiehoof in die huiskerk. "The key to this view lies in the phenomenon of the house church in the New Testament" (Van Zyl 1998:593). In die Latyn staan die hoof van die huiskerk as die *paterfamilias* bekend. Die *paterfamilias* het geweldig baie invloed en aansien gehad. Boonop het hulle die respek van hulle familie en tydgenote geniet. In die vroeë geskiedenis van die kerk het hierdie familiehoofde hulle huise vir godsdienstige byeenkomste beskikbaar gestel. Dit het die nodige struktuur en stabiliteit voorsien.

Die verband tussen die *paterfamilias* en *presbuteros* is nie so duidelik te maak nie. "Presbuteros was rather a 'term of endearment', reserved for those senior men in the family or circle of friends who were held in high asteem and were respected for their age and wisdom. ... However, presbuteroi would have been former leaders" (Van Zyl 1998:594).

Vir die doel van die ondersoek is 'n terminologiese koppeling van belang. Hoe kan die koppeling gemaak word? Die antwoord lê in die ontwikkeling van leierskap in die Grieksprekende kerke. "In the Pauline churches the heads of families (= presbuteroi and episkopos) are the natural leaders. In these early years there were no distinction between episkopos and presbuteros" (Van Zyl 1998:596).

Vervolgens is 'n eksegetiese ondersoek na die terme *presbuteros / episkopos* en *diakonos*, soos herleibaar vanuit die Skrif, van groot belang. Die ondersoek verskuif dus na die Pastorale Briewe. Met die oog op 'n deeglike ondersoek word elk van die toepaslike Skrifgedeeltes vers vir vers ondersoek.

### 2.3. 'n Eksegetiese studie van *presbuteros / episkopos en diakonos* in die Pastorale Briewe

#### *(a) 1 Timoteus 3: 1-8*

(1) "Dit is 'n betroubare woord: as iemand na 'n opsienersamp verlang, begeer hy 'n voortreflike werk".

Die woord *episkopos* beteken "toesighouer", terwyl die abstrakte werkwoord *episkopē* op die amp van die toesighouer wys. Iemand wat die begeerte het om 'n opsiener te wees moet besef dat hy 'n voortreflike taak begeer. Saam met die voortreflike taak kom ook 'n groot verantwoordelikheid. Daarom, beklemtoon Earle, is dit belangrik dat 'n persoon suiwer motiewe moet nastreef wanneer hy begeer om 'n opsiener te wees. Sy begeerte mag nooit 'n uitdrukking van sy eie trots wees nie. Slegs wanneer iemand 'n diep gewortelde begeerte het om in die kerk te werk kan so 'n persoon dit begeer om 'n opsiener te wees (Earl 1978:363). Volgens Smelik kan *episkopos* ten beste met "geestelike leier" vertaal word. Volgens hom het *episkopos* in die vroeë kerk 'n persoon se spesifieke funksie in die kerk aangedui. *Episkopos* beskryf nie die amp van opsiener per se nie, dit beskryf eerder die besondere eise wat aan die amp van opsiener gestel word. 'n Opsiener moes sy take met die gepaardgaande eise, uitsluitlik in die plaaslike gemeente beoefen (Smelik 1961:50).

#### *1 Timotheus 3: 2-7*

(2)"'n Opsiener dan moet onberispelik wees, die man van een vrou, nugter, ingetoë, fatsoenlik, gasvry, bekwaam om te onderig; (3) geen drinker, geen vegter, geen

vuilgewinsoeker nie, maar vriendelik; geen strydlustige, geen geldgierige nie; (4) een wat sy eie huis goed regeer en sy kinders met alle waardigheid en onderdanigheid hou. (5) Maar as iemand nie weet om sy eie huis te regeer nie, hoe sal hy vir die gemeente van God sorg dra? (6) Hy moet nie 'n nuweling wees nie, sodat hy nie verwaand word en in dieselfde oordeel as die duiwel val nie. (7) Maar hy moet ook goeie getuienis hê van die buitestaanders, sodat hy nie in veragting en in die strik van die duiwel val nie".

Die terme *presbuteros* en *episkopos* verwys na dieselfde persoon. Earle is van mening dat die gebrek aan die term "oudstes" in die Pastorale Briewe geen probleem skep nie. Hy bou sy argument rondom die feit dat beide die terme *presbuteros* en *episkopos* na die leiers in die plaaslike gemeente verwys (Earl 1978:363). Mappes is ook van mening dat beide *presbuteros* en *episkopos* na dieselfde persoon verwys. "The terms are used interchangeably to emphasize various functions of the same office" (Mappes 1997:164). 1 Timoteus 3:2 stel bepaalde eise aan 'n Opsieners. Die eise moet in die regte lig verstaan word. Die persoon in die amp moet deur sy lewe en dienswerk wys dat hy in 'n lewende verhouding met Christus as Hoof van die kerk staan. In sy kommentaar op 1 Timotheus 3:2 skryf Smelik: "Een opziener is eigenlik maar een heel gewoon mens, aan eenvoudig, onzelfzuchtige mens, die het leven van anderen en van zich zelf met reghte ernst ziet" (Smelik 1961: 363).

Ook Earle beklemtoon die belangrike eise wat aan 'n opsiener gestel word. Persoonlik vind ek baie aanklank by die volgende aanhaling: "and the extensive qualifications listed here, should serve as guidelines for those who are charged with the responsibility of selection today. Attention at this point could save much grief" (Earl 1978:366). Earle se kommentaar is waardevol in die opsig dat hy die erns om Christus te dien sterk uitlig. Omrede die amp in Christus geanker is, kan mense nie net na willekeur in die amp bevestig word nie. Indien die gawes van die Gees in 'n persoon se lewe ontbreek kan die persoon se lewenswyse nie na Christus as Hoof van die kerk terug getrek word nie. Vir Bouma dra 'n opsiener primêr die taak om die gemeente te lei en te regeer. Soos Earle en Smelik merk Bouma ook tereg op dat daar groot eise aan 'n opsiener gestel word. Eise van (binne) die gemeente maar ook eise van (buite) die gemeentskap. "Het ambt stelt aan hem, die het bekleedt, hoge eisen wat betreft zjin kwaliteiten en zijn naam in en buite de gemeente" (Bouma 1953:65). Voorts is 'n verantwoordelike opsiener instaat om sy gesin goed te bestuur. 'n Opsiener se vermoë om die huishouding van God te bestuur kan aan sy bestuursvermoë van sy gesin gemeet word. "Want regeren is met name de taak van de opziener, daarvoor bovenal moet hij blijk gegeven hebben, de nodige geschiktheid te bezitten. Waar kan dan beter blijken dan in zjin eigen gezin?" (Bouma 1953:68).

*1 Timotheus 3:8*

"Netso moet die diakens waardig wees, nie uit twee monde spreek nie, nie verslaaf aan wyn nie, geen vuilgewinsoekers"

Vir Smelik is daar nie 'n verskil in die eise wat aan 'n opsiener en aan 'n diaken gestel word nie. Tereg gee Smelik toe dat 'n diaken se dienswerk op 'n ander terrein lê. Anders as die opsiener fokus 'n diaken op die stoflike terrein van die gemeente. Tog beklemtoon Smelik dat selfbeheersing, wat 'n opsiener moet hê, ook deur die diaken op sy diensterrein toegepas word. Voorts moet 'n diaken konsekwent in sy optrede wees en nie uit "twee monde" praat nie (Smelik 1961:57). 'n Diaken se dienswerk na buite moet gekenmerk word deur liefde van binne. "In the second place, the deacons must be sincere – literally – not double – tonged" (Earl 1978: 367).

*(b) 1 Timotheus 3: 9-13*

"(9) manne wat die verborgenheid van die geloof in 'n rein gewete hou. (10) En hulle moet eers 'n proeftyd deurmaak; daarna, as hulle onberispelik is, kan hulle dien. (11) Netso moet die vroue waardig wees, geen kwaadspreeksters nie, nugter, betroubaar in alles. (12) Die diakens moet manne van een vrou wees en hulle kinders en eie huise goed regeer. (13) Want die wat goed gedien het, verkry vir hulle 'n eervolle plek en veel vrymoedigheid in die geloof in Jesus Christus".

Dieselfde eise wat aan 'n opsieners en lidmate gestel word is ook op 'n diaken van toepassing (Bouma 1953:70). Daar is verskeie slaggate waarin 'n diaken tydens sy dienswerk kan trap. Alhoewel 'n diaken se dienswerk na buite gerig is moet dit terug gevoer kan word na 'n diep gewortelde omgee vir ander. Earle fokus in die vers baie sterk op die betekenis *mysterion.* Volgens hom beskryf *Mysterion* 'n geheim wat net aan 'n ingewyde persoon bekend gemaak is. In die naspeuring is dit belangrik dat 'n ingewyde persone se geloof nie as subjek vir die studie gebruik word nie. Volgens Earle lê die klem eerder op die waarhede van die Christelike geloof. Daarom is dit noodsaaklik dat 'n diaken sy dienswerk met 'n skoon gewete uitvoer (Earl 1978:367). Bouma beklemtoon ook die woord *mysterion.* Tog verskil Bouman se interpretasie van die van Earl. "Geloof is hier niet zozeer naar zjin objectieve als wel naar zijn subjictieve zijde op te vatten, niet als de heilswaarheid, maar als daad, als band aan God, als feit" (Bouma 1953:71). Vervolgens is 'n skoon gewete belangrik vir die

dienswerk van 'n diaken. 'n Skoon gewete reflekteer dat 'n diaken in 'n lewende verhouding met God staan.

Vers 10:

Earle beklemtoon die gedagte dat 'n diaken getoets moet word. Die toets moet die hartsgesindheid van 'n diaken ontbloot. Indien die kandidaat die toets slaag kan daar sonder versuim oorgegaan word om hom as diaken te bevestig (Earl 1978:367). Bouma grond die inhoud van die toets op die inhoud van verse 8 – 9. Voorts argumenteer Bouma dat die presiese inhoud en omvang van die toets onbekend is. Die enigste maatstaf in die verband is 'n onberispelike lewenswyse (Bouma 1953:71).

Vers 11:

Eksegete handhaaf verskillende opinies rondom "die vroue" wat in die gedeelte voorkom. Smelik maak 'n sterk saak daarvoor uit dat "die vroue" na die diakens se vroue verwys. Dit is belangrik dat 'n diaken se vrou op hoogte van sake moet wees. Dit is onafwendbaar dat sy haar man van tyd tot tyd met raad en daad moet bystaan. Weens die sensitiewe aard van 'n diaken se kerklike arbeid is dit van kardinale belang dat sy vrou betroubaar moet wees. Wanneer sensitiewe inligting, rakende barmhartigheidsorg uitlek het dit rampspoedig gevolge (Smelik 1961:57).

Rondom "die vroue" verskil Bouma loodreg van Smelik. Volgens Bouma verwys "die vroue" nie na die diakens se vroue nie. Sy argument rus daarop dat "die vroue" 'n te wye begrip is. Indien "die vroue" na die diakens se vroue verwys het, sou die vertaling dit weerspieël het deur die frase met "hulle vroue" te vertaal. Bouma bou sy argument rondom die feit dat vroue met sekere sake beter vaar as mans. Vroue wat dienswerk in die gemeente verrig was nie so vreemd aan die kerk in die Nuwe Testament nie. Sommige gemeentes het 'n *"diaconale zustershulp"* gevorm. Tog koppel Bouma "die vroue" nie aan die woord *diakonia* nie (Bouma 1953:71). Die konteks dui daarop dat die vroue na die *"diaconale zustershulp"* verwys. Inhoudelik fokus die perikoop primêr op die man in die amp van diaken. Dat daar 'n groep vroue bestaan het wat die gemeentes met hulle gawes gedien het is nie onmoontlik nie. Uit dit alles dui die konteks daarop dat die vroue na alle waarskynlikheid die vroue van diakens was. Voorts hanteer die voorafgaande verse en die verse na vers 11 die amp van diaken. en na vers 11 word daar duidelik oor diakens gepraat. In vers 12 word daar pertinent daarop gewys dat 'n diaken wat aan sy vrou getrou moet wees.

Vers 12:

Kommentatore is dit eens dat dieselfde eise wat aan ‘n opsiener gestel word ook aan ‘n diaken gestel word.

Vers 13:

Die “eervolle” plek waarna die vers verwys, word deeglik deur Bouma ondersoek. Bouman veduidelik sy interpretasie deur die voorbeeld van ‘n leer. Wanneer ‘n diaken sy taak goed verrig klim hy een trappie met die leer op. In sy interpretasie verwerp Bouma die gedagte dat die “eervolle plek” na die hemel verwys. Voorts is Bouma nie te vinde vir die gedagte dat ‘n diaken “opklim” tot by die amp van ‘n opsiener nie. Volgens Bouma bereik ‘n diaken wat die leer klim bloot ‘n plek waar hy die erkenning en die dankbaarheid van die gemeente ontvang ( Bouma 1953:72). Smelik handhaaf ook die argument dat ‘n diaken deur goeie dienswerk die erkenning en die dankbaarheid van die gemeente ontvang. “Wie zich in deze diensten geeft, ontvang zelf. Hij bereikt een goede opgang, een ererang in de gemeente” (Smelik 1961:57).

***(c) 1 Timotheus 5: 17 - 20***

(17) “ Laat die ouderlinge wat goed regeer, dubbele eer waardig geag word, veral die wat arbei in woord en leer. (18) Want die Skrif sê: Jy mag ‘n os wat graan dors, nie muilband nie; en: Die arbeider is sy loon werd”.

*Presbuteros* word volgens Earle in die vers letterlik gebruik. Die woord verwys direk na ‘n “ouer man”. Tog kom die tegniese betekenis van “oudste” ook baie sterk na vore. In die vroeë kerk was die “oudstes” daarvoor verantwoordelik om toesig te hou oor die werk van die plaaslike gemeente. Die “oudstes” wat hulle taak goed verrig het was geregtig op ‘n dubbele erkenning. Earle maak ‘n saak daarvoor uit dat die skrywer hier, met “dubbele erkening” na eer en finansiële erkening verwys. Hierdie erkenning val ‘n oudste te beurt wanneer hy homself met oorgawe aan sy prediking en onderrig wy (Earle 1978:380). Earle grond sy argument vir die betaling van ‘n ouderling op vers 18. Voorts vorm Lukas 10: 7 ook deel van die kern van sy argument. Jesus het met die uitstuur van die 72 (twee en sewentig) aan hulle die opdrag gegee om in een huis te bly en daar te eet en te drink, want

"die arbeider is geregtig op sy loon". In die lig hiervan redeneer Earle dat daar ook finansieel aan 'n oudste se behoeftes voorsien moet word, omdat hy 'n arbeider van God is.

In sy kommentaar op die verse handhaaf Smelik, Earle se argument. Die "oudstes" in die gemeente het almal een stand verteenwoordig. In die vroeë kerk was die posisie van die "oudstes" nog nie in die amp van ouderling gesetel nie (Smelik 1961:73). Smelik lê klem daarop dat die "oudstes" die kern van die gemeente was. Die direkte gevolg was dat die leidende figure in die gemeente afkomstig was vanuit dié kerngroep. Die "oudste" se primêre taak was prediking en onderrig. Smelik bou sy standpunt rondom sy verklaring van die "dubbele erkenning" wat 'n oudste moet ontvang. Soos by Earle, dien Lukas 10:7 ook as kern vir Smelik se standpunt (Smelik 1961:76). Smelik voer aan dat daar genoeg bewyse is dat die gemeentes hul "oudstes" volledig onderhou het (finansieel & geestelik).

"(19) Moenie 'n beskuldiging teen 'n ouderling aanneem nie, behalwe op die getuienis van twee of drie. (20) Bestraf die wat sondig, in die teenwoordigheid van almal, sodat ook die ander kan vrees".

In die verse word die prosedures rondom beskuldigings teen ouderlinge hanteer. Earle beklemtoon die belangrikheid dat geen beskuldigings teen 'n oudste ingebring kan word, sonder twee of drie getuies nie. Indien 'n "oudste" skuldig bevind sou word op grond van die getuies se getuienis moet die betrokke "oudste" gestraf word. Sy straf moet as afskrikmiddel dien vir ander oudstes. Volgens Mappes maak Paulus dit baie duidelik dat klagtes met die nodige feite ondersteun moet word. "The apostle specifically directs that an accusation against an elder is only to be received when the evidence is most legally clear and satisfactory" (Mappes 1997:334).

Eksegeties skep *hoi loipoi* 'n probleem. Die vraag ontstaan rondom wie "die ander" regtig is. Earle maak 'n saak daarvoor uit dat *hoi loipoi* na die ander oudstes verwys. Vir Earle is dit baie onwaarskynlik dat *hoi loipoi* na die gemeente verwys (Earle 1978:380). Smelik werp die lig op die besondere posisie waarin die *presbuteros* hom bevind. "De presbyter staat bloot aan veel kritiek. Zijn positie is een vertrouwenspositie" (Smelik 1961:77). Smelik beklemtoon die gedagte dat 'n *presbuteros* 'n posisie van eer beklee. Daarom moet daar gewaak word teen "skinderstories" wat sy posisie in gevaar kan stel. "Zelfs waar de feiten een aanklacht rechtvaardigen is menigmaal het motief ertoe bedenklijk". Soos Earle is Smelik ook van mening dat "die ander" nie na die gemeente verwys nie. Volgens Smelik moet 'n skuldige "oudste" binne die vertrouenskring van die "oudstes" bestraf word, sodat sy

straf as afskrikmiddel vir die ander "oudstes" sal dien ( Smelik 1961:78). In sy interpretasie neem Mappes 'n teenoorgestelde posisie in. 'n Oudste is 'n openbare figuur wat 'n voorbeeld aan die gemeente moet stel. Sy oortreding, hetsy in die openbaar of in die geheim, moet voor die gemeente hanteer word om te verhoed dat die orde in die gemeente ondermyn word (Mappes 1997:341 –342).

Beide Earle en Smelik se interpretasies hou water. Persoonlik verkies ek 'n vermenging van beide se standpunte. Beide kommentatore skets 'n eensydige prentjie rondom die hantering van klagtes teen 'n ampsdraer.Indien 'n klag teen 'n ouderling gemaak word, moet die klag ondersoek word. In die verband gee Christus in Mattheus 18:15-17 'n duidelike riglyn. Indien daar waarheid in die klagte steek berus die onus op die leraar om met die betrokke ouderling in gesprek te tree. Indien die ouderling nie tot inkeer wil kom nie moet die leraar vergesel van 'n getuie weer na die ouderling gaan. Indien die ampsdraer na die tweede gesprek nie berou toon nie moet die saak na die kerkraad en gemeente geneem word sodat ook hulle met 'n broederlike gesprek die ouderling tot inkeer kan laat kom. Indien alle pogings onsuksesvol blyk te wees, moet die betrokke ouderling van die gemeente afgesny word.

***(d) Titus 1: 5-9***

(5) Om hierdie rede het ek jou in Kreta agtergelaat, dat jy nog verder sou regmaak wat oorgebly het, en van stad tot stad ouderlinge sou aanstel soos ek jou beveel het.

In die perikoop word Titus op Kreta agtergelaat om die inrigting van die gemeente op eie verantwoordelikheid te doen. "An initial duty was to appoint elders in every town" (Helbert 197:431). Op die betrokke vers gee Bouma, in sy eksegese, Helbert gelyk in sy argument. Die onafgehandelde sake behels onder andere dat Titus ampte tot diens van die gemeente instel. Die amp van ouderling word hier by name uitgesonder. Titus moes toesien dat daar in elke stad waar daar 'n gemeente was ouderlinge aangewys word (Bouma 1953:192).

(6) As iemand onberispelik is, die man van een vrou, gelowige kinders het wat nie beskuldig word van losbandigheid of tugloos is nie.

In sy kommentaar op die vers, merk Helbert op dat dit oorwegend ouer mans is wat tot die ouderlinge verkies was. Gevolglik is daar 'n groot moontlikheid dat hulle kinders aan huis gehad het. Om dié rede beklemtoon Helbert die gedagte dat 'n ouderling se kinders saam

met hom in sy geloof moet deel. Indien 'n ouderling se kinders ongelowig bly, is daar 'n saak voor uit te maak dat die ouderling nie die vermoë het om 'n gemeente geestelik te lei nie. "If they remain pagans, it would throw the question the fathers' ability to others to the faith" (Helbert 1978:430). 'n Ouderling se onvermoë om sy eie kinders geestelik op te voed en te "bestuur" bevraagteken onmiddellik ook sy bevoegdheid om die gemeente geestelik op te voed en te bestuur. Bouma interpreteer die vereistes van vers 6 as 'n riglyn wat die skrywer vir Titus gee om suksesvolle kandidate te identifiseer. Daarvolgens moet ouderlinge onberispelik in hulle optrede wees. Vervolgens is dit vir Bouma uiters belangrik dat 'n ouderling, veral in 'n heidense omgewing, sy lewe volgens die Woord moet inrig. Dieselfde vereiste is ook op sy hele gesin van toepassing. "Zo moeten belijdenis en wandel in het gezin van den ouderling, ook bij zijn opgroeiende kinderen, zijn naar het Woord van God. Bij ontbreken van een of beide deze vereisten kan de vader niet verkiesbaar zijn voor ouderling" (Bouma 1953:193). Bouma handhaaf Helbert se argument dat die onbekeerde gesin van 'n ouderling, sy dienswerk in die gemeente erg kan kortwiek.

(7) Want 'n opsiener moet as rentmeester van God onberispelik wees, nie eiesinnig nie, nie oplopend, geen drinker, geen vegter, geen vuilgewinsoeker nie;

In dié vers tref ons 'n onverwagse wisseling van terme aan. "Bijna ongemerkt gaat de bespreking over de oudsten in die van de opziener over in vers 7" (Smelik 1961:133). Die rentmeesterskap van 'n opsiener maak, volgens Smelik, die deur oop vir 'n gemaklike toepassing dat 'n opsiener die "uitdelers van Gods genade is". Helbert fokus ook baie sterk daarop dat 'n opsigter God se bestuurder is. 'n Opsigter se funksie is nie net diens aan die kerk nie. As opsigter moet hy ook direk aan God verantwoording doen. "He exercises his office under God's authority and is directly accountable to Him" (Helbert 1978:431). Bouma skryf die wisseling in terme daaraan toe, dat die outeur doelbewus daarteen wil waak om stereotiep te wees (Bouma 1953:194). Helbert en Bouma is dit met mekaar eens dat *presbuteros* na die volwassenheid en vaardigheid van 'n persoon verwys. *Episkopos* fokus op die biskop se taak as God se "toesighouer" oor sy kudde.

(9) een wat vashou aan die betroubare woord wat volgens die leer is, sodat hy in staat kan wees om met die gesonde leer te vermaan sowel as om die teësprekers te weerlê.

"Doctrinal fitness is also necessary. The overseer must be known to hold firmly to the trustworthy message" (Helbert 1978:431). Volgens Helbert lê die betroubaarheid van die evangelie juis in die feit dat dit waar is. Iemand wat ontrou aan die betroubare Woord is, is

nie waardig om 'n opsiener te wees nie. Deur getrou aan die evangelie te bly sal 'n opsiener in staat wees, veral op gemeentelike terein, om sy dienswerk suksesvol uit te voer. Getrou aan die evangelie sal 'n opsiener ander makliker kan aanmoedig en vermaan. Getrou aan die evangelie, sal 'n opsiener in staat wees om die argumente van sy teenstanders te weerlê. Bouma sluit by Helbert aan deur ook klem op die deugde te lê waaroor 'n opsiener moet beskik. "De opziener nog andere eigenschappen bezitten, welke hem in staat stellen tot het bekleden van het verantwoordelijke ambt" (Bouma 1953:195). 'n Opsiener moet ten alle koste aan die betroubare Woord vashou. Daarom beklemtoon Bouma die noodsaaklikheid dat daar ondersoek na die leer van 'n opsiener ingestel word. Bouma maak die opmerking dat die Woord ooreenkomstig die leer moet wees. Bouma se argument rus die volgende skema: "Woord zoals het door God is geopenbaard = de leer = het woord, zoals het wordt gepredikt" (Bouma 1953:195). Die gepredikte woord berus op die leer, die leer rus op die Woord soos deur God geopenbaar. Om die rede is dit belangrik dat 'n opsiener se leer getoets word om vas te stel of dit uiteindelik op die Woord, soos deur God geopenbaar, rus. "En wanneer en omdat het gepredikte Woord is overeenkomstig de leer; dan is dat Woord geloofwaardig" (Bouma 1953:195). Getrou aan die Woord moet 'n opsiener teen iemand optree wat kontra die Woord optree.

### *2.4. Opsommende opmerkings*

#### *2.4.1 Presbuteros en episkopos*

'n Spanning tussen *presbuteros* en *episkopos* is ongegrond. Vanuit die Pastorale Briewe is dit duidelik dat die terme nie na verskillende persone in die kerk verwys nie. *Presbuteros* dui op die persoon wat die amp beklee. *Episkopos* dui op die funksie van die "oudstes". Die rol van die *presbuteros* in die gemeente het sy ontstaan in die *paterfamilias.* Die amp van ouderling dra beslis 'n baie gewigtige betekenis. Saam met die amp kom boonop 'n baie groot verantwoordelikheid. Ouderlinge moet 'n voorbeeld vir mense, binne en buite die gemeente wees. Behalwe dat hy 'n voorbeeld vir die gemeenskap moet wees, is dit belangrik dat 'n ouderling ook vir sy gesin 'n goeie voorbeeld moet wees. Die amp stel vandag fisiese en emosionele eise aan 'n ouderling. Ouderlinge wat beide die eise oorkom, en sy dienswerk suksesvol uitvoer, geniet dubbele erkenning. Eksegeties is daar verskillende standpunte oor wat die "dubbele erkenning" presies behels. Persoonlik is ek te vinde daarvoor dat die een been, die erkenning van die gemeente behels. Hieroor is die meeste kommentatore is dit ook met mekaar eens. Die tweede been skep eksegeties 'n probleem. Self dink ek nie dat 'n *presbuteros* sy amp teen betaling verrig het nie. Die finansiële vergoeding verwys bloot

daarna dat aan 'n *presbutoros* se lewenssituasie aandag geskenk was. Die rede is redelik voor die handliggend. Wanneer 'n ouderling broodgebrek ly, is dit vir hom haas onmoontlik om sy dienswerk suksesvol uit te voer.

Net 'n paar opmerkings rakende die geskiktheid van "oudstes" vir die amp van ouderling. Ongelukkig is nie alle "oudstes" van 'n gemeente geskik om ouderlinge te wees nie. Daar word van 'n ouderling verwag om God se gemeente (kudde) suksesvol te bestuur. In die opsig is 'n ondersoek na die geskiktheid van 'n "oudste" om in die amp van ouderling te staan van kardinale belang. 'n "Oudste" se vermoë word deur sy gesin weerspieël. Indien sy gesin stabiel en Godvresend is kan die afleiding gemaak word dat die betrokke "oudste" sy gesin geestelik goed bestuur. Met redelike sekerheid kan aanvaar word dat die "oudste" ook in staat is om God se gemeente (kudde), geestelik goed te bestuur.

Natuurlik is 'n ouderling nie bo kritiek verhewe nie. Mettertyd kan daar besware teen 'n bepaalde ouderling ingebring word. In die verband duik 'n eksegetiese probleem op. Deur wie gaan die besware aangehoor word? In 1 Timotheus 3: 19 skep *hoi loipoi* eksegeties 'n groot probleem. Eksegete is verdeel oor die identiteit van die "ander". Verwys *hoi loipoi* na die gemeente of verwys die term na die kring van ouderlinge? Prakties gesien kan *hoi poiloi* nie na die gemeente verwys nie. 'n Beswaar teen 'n ouderling kan tog net binne die vertroulike kring van die ouderlinge aangehoor word. Nie om dit toe te smeer nie, want daar moet beslis teen 'n oortreder opgetree word. Die feite van die saak is dat die ouderlinge die gemeente verteenwoordig. Saam hiermee geniet die ouderlingkring die vertroue van die gemeente. Met dien verstande, is hulle in alle opsigte bekwaam genoeg om 'n beswaar aan te hoor. 'n Skinderstorie kan baie skade berokken. Vervolgens is dit beter om die geldigheid van 'n beswaar binne die vertroulike kring van die ouderlinge te bepaal. Indien die beswaar optrede verlang moet 'n oortreder intern getug word. In die proses word 'n waarskuwing aan alle ander ouderlinge gestuur dat ook hulle onder die tug staan. Natuurlik moet die proses nie in geheimhouding geskied nie. Die gemeente moet oor die verwikkelinge en uitslag van die ondersoek ingelig word.

Ten slotte kan 'n ouderling net die "dubbele erkenning" van die gemeente geniet wanneer hy "fiks" is. Hierdie "fiksheid" verwys daarna dat 'n ouderling in die Woord geoefen is. Die Woord is vir elke ouderling 'n basis en 'n instrument wat God gee om hulle te help om hul dienswerk suksesvol uit te voer. 'n "Fikse" ouderling kan ander makliker in die geloof aanmoedig en motiveer. Net 'n "fikse" ouderling kan God se gemeente (kudde) geestelik goed bestuur deur teenstanders, wat kontra die Woord is, tereg te wys.

### 2.4.2 *Diakonos*

Dieselfde eise wat aan 'n ouderling gestel word is netso van toepassing op die amp van diaken. Al lê 'n diaken se dienswerk op 'n ander kerklike terrein moet diakens ook aan die eise van die Woord voldoen. Die Woord stel bepaalde eise aan 'n diaken sowel as aan 'n diaken se vrou. Dit is van uiterste belang dat 'n diaken se vrou betroubaar moet wees. Dit is onvermydelik dat 'n diaken sekere sake met sy vrou gaan bespreek. Van tyd tot tyd gaan sy hom selfs met raad en daad moet bystaan. Sensitiewe sake soos materiële behoeftes van lidmate, vereis 'n sensitiewe optrede. 'n Onbetroubare vrou kan vir die diaken 'n groot verleentheid skep en ook groot skade aanrig. Sonder 'n onselfsugtige liefde vir sy naaste is 'n diaken se dienswerk oneffektief en vrugteloos. In sy geestelike dienswerk, moet dit duidelik blyk dat 'n diaken in 'n lewende verhouding met God staan. Om dit te bepaal moet 'n diaken ook getoets word. Die praktieste toets beoordeel 'n diaken se lewe aan die hand van Gods Woord, en die diaken verhouding met God.

Tydens die ondersoek is daar na die "eervolle" plek verwys wat deur 'n toegewyde diaken beklee word. Die amp van diaken is alles behalwe status gedrewe. Persoonlik verwerp ek die argument dat 'n "eervolle plek" na die hemel, of na die oorgang na die amp van ouderling verwys. 'n Diaken wat sy dienswerk in liefde en deernis verrig geniet beslis die erkenning en dankbaarheid van die gemeente. Hierdie "eervolle plek" is net moontlik wanneer 'n diaken in 'n lewende verhouding met God staan. 'n Diaken kan net die eervolle plek bereik wanneer hy getrou aan sy Hoof Christus, sy roeping na die beste van sy vermoë nakom.

## 3. DIE AMP SOOS DEUR ROME EN DIE REFORMATORE BESKOU

Met die eksegetiese resultate in gedagte, verskuif die fokus van die studie na die inkleding van die amp deur Rome en die Reformatore. Op die punt moet die belydenis dat Christus die Hoof van sy kerk is, nie uit die oog verloor word nie. Vanuit hierdie vertrekpunt is dit moontlik om die verskillende denkwyses van Rome en die Reformatore rondom die verstaan van die ampte uit te lig. Deur die analise gaan 'n poging aagewend word om vanuit 'n gereformeerde vertrekpunt aan te dui dat die ampte hulle onstaan aan Christus te danke het. Die analise gaan voorts poog om Rome se siening dat die ampte deur suksessie oorgedra word, weerlê. Reeds in die begin van sy boek *Om die regering van Christus in sy Kerk* poog Jonker om 'n antwoord op die vraag te gee. " Kerkreg kan alleen egte, Bybelse kerkreg wees as dit uitgaan van die belydenis dat Christus Self Sy gemeente vergader, beskerm en regeer,

dat Hy die handelende Subjek in die gemeente is en dat ons aan Hom alleen alle mag en seggenskap in die gemeente toekom (Jonker 1965:1). Gevolglik moet die klerikalistiese benadering, waar daar 'n onderskeid tussen geestelikes en leke getref word, ten sterkste afgekeur word. In die kerk is daar geen sprake van 'n hiërargie wees nie. Ook nie van 'n onderskeid tussen medegelowiges nie. Die verskraling van die amp soos aangetref by die demokratiese benadering, moet voorts ook verwerp word. Christus as handelende Subjek roep alle gelowiges tot sy diens. Tog roep Christus as handelende Subjek ook mense tot die besondere amp van ouderling en diaken. As handelende Subjek roep Christus ouderlinge en diakens om na die geestelike en materieële behoeftes van sy bruid om te sien. Jonker se vertrekpunt is duidelik: Christus is die Hoof en Here van sy kerk. As Hoof is Christus ook Koning. Christus regeer sy kerk op 'n direkte en persoonlike manier. Hierdie uitkyk op die Christus as handelende Subjek in die kerk beïnvloed ook die posisionering van die ampte. Die ampte is nie 'n magsposisie waar ampsdraers bo die gemeente verhewe is nie. Voorts is die besondere amp van ouderling en diaken nie gelyk aan die amp van gelowige nie. Die besondere amp word in Christus as amp van diens gedefinieer. Die besondere ampte moet in diens van Christus as handelende Subjek en Sy kerk wees.

Tydens die Vatikaanse Konsilie van 1870 word die onfeilbaarheid van die Pous as dogma bekragtig. Hierdie bekragtiging het 'n waterskeiding te weeg gebring. 'n Dienskneg word eensklaps 'n "hoof" in die Koninkryk. Vanuit sy onaanvegbare posisie word die pous 'n uitdeler van God se genade. Ons kan met reg vra: 'n Mens deur mense tot hoof van Christus se kerk verkies? Calvyn verstaan herder en opsiener as dieselfde persoon (Goumaz 1948:21). Presbuter en priester word saamgevat in die dienswerk van die ouderling. Met hierdie indeling maak Calvyn 'n duidelike breuk met Rome. Omdat ampsdraers medewerkers in die koninkryk is kan daar nie sprake wees dat die een amp bo die ander verhef word nie. Rome het 'n duidelike onderskeid tussen kerklikes en leke gemaak. Onder die kerklikes het Rome verdere onderskeid getref. Die pous het 'n hoër posisie as die biskop beklee. Die grootste misverstaan van die ampte kom juis in Rome se hiëragiese ampsinkleding na vore. In die Skrif (Efesiërs 2:11–22), word dit duidelik gestel dat alle gelowiges, die ampte in kluis, in Christus gelyk is. In Christus het God die skeiding tussen Jood en nie-Jood afgebreek. Jood en Nie - Jood is saam deel van dieselfde gebou wat op die hoeksteen van Christus gebou is. As Jood en Nie-Jood, gelyk en een in hulle geloof is, hoe is dit moontlik dat ampsdraers nie ook een en gelyk in hulle geloof en dienswerk kan wees nie?

Rome se inkleding van die amp het 'n afbrekende eindproduk tot gevolg. In werklikheid kan daar van aktuele, persoonlike en direkte regering van Christus in die kerk weinig sprake wees (Jonker 1965:4–5). Dit is juis teen hierdie agtergrond dat die stem van die Reformatore opgeklink het. Die Reformatore het nie in opstand gekom teen die feit dat Christus die Hoof van die kerk is nie, hulle wou deur hulle protes juis beklemtoon dat Christus die Hoof van die kerk is. Dat Christus mense tot sy diens roep om diensbaar in sy kerk te wees was voorts ook sterk deur die Reformatore beklemtoon. Deur hulle protes wou die Reformatore hulle ongelukkigheid oor die onaanvegbare posisie van die pous te kenne gee. Die amp bely Rome, word deur suksessie "aangegee". Tydens hierdie suksessie oorhandig Christus van sy mag aan die amp. In hulle kritiek stel die Reformatore dit duidelik dat Christus nooit sy mag, persoonlike- en direkte regering uit sy hand laat gaan deur dit aan ampsdraers te verleen nie (Jonker 1965:6). Die sleutel tot die verstaan van die posisie van die amp is in die woord *diens* opgesluit. 'n Ampsdraer se diens begin deur die gesonde voorbeeld wat hy stel. Die gesonde voorbeeld dra die merktekens van die vrugte van die Gees. Toegerus en gelei deur die Gees is 'n ampsdraer in staat om die gemeente met die vrugte van die Gees te dien. Christus lei ampsdraers deur sy Woord en Gees om die geestelike en materieële behoeftes in die plaaslike gemeente aan te spreek. In sy wese is die amp 'n amp van diens en nie 'n amp van regering nie. Onder diens word diens aan God en diens aan die naaste verstaan. Binne die kader van diens, bedien die ampte Christus se gesag dit wil sê sy Woord aan sy kerk.

Die optrede van die Reformatore moet teen die agtergrond van hulle belydenis gelees word. Van die vroegste tye het die Reformatore bely dat die regering van die kerk nooit in mense hande was nie. Voorts bely hulle dat die regering van die kerk nooit bedoel was om in die hande van mense te val nie. Die regering van die kerk kom Christus toe. Christus regeer sy kerk op 'n baie persoonlike wyse deur sy Woord en Gees. Christus se roepstem reik vanuit sy magsposisie tot die hart van die mens. Hierdie belydenis het natuurlik implikasies vir die verstaan van die amp. Die ampsdraers regeer nie in eie bevoegdheid oor die kerk, "maar skep hulle in aansluiting by en as uitvloeisel van hulle diens aan die Woord van God, die ruimte in die kerk vir die regering van die Woord van God" (Jonker 1965:9). 'n Belydenis dat ampsdraers "gesag" besit is nie verkeerd nie. Dit is egter belangrik om die "gesag" in perspektief te sien. Ampsdraers tree gesagvol op wanneer hulle Christus se opdragte uitvoer. 'n Gestuurde, (ampsdraer) verteenwoordig die persoon wat hom stuur. Wanneer 'n gestuurde die boodskap of opdrag van sy stuurder uitvoer, is die gestuurde 'n gesagvolle dienaar.

Hierdie uitkyk op die gesag van ampsdraers bewaar die kerk van 'n hiërargiese inkleding en posisionering van die amp in die kerk. Binne 'n hiërargiese inkleding beskou 'n ouderling homself in 'n hoër posisie as 'n diaken. Voorts ontstaan 'n skeiding tussen die ampte en die gemeente. Die gemeente word as "minder belangrik" beskou omrede hulle nie in 'n kerklike amp staan nie. Die Leraar aan die anderkant beskou homself as die "Stamhoof" van die gemeente. Om teen hierdie situasie te waak is dit nodig dat ampsdraers hulle optrede voortdurend aan die Woord toets. Dit beteken voorts dat die kerk in haar geheel, in alles, die Woord prakties in haar dienswerk laat vergestalt. Hierdie ingesteldheid sal verhoed dat menslike teorieë en ideologieë as basis vir kerkregering dien. Ampsdraers kan en mag nooit aan hulle die titel van geestelikes opeis nie. Rome het die ampte erg verbaster. Die priester was as 'n verlengstuk van die Ou Testamentiese priesteramp beskou. Lidmate was as leke bekou omrede hulle weens ongeletterdheid nie insig in die Woord gehad het nie. In Rome was die priesters getaak om oor die siele van die kerk te heers. "Daaruit kan men zien dat het stelsel neerkomt op een verschrikkelijke tyrannie" (Goumaz 1948:132). Die implikasie van Rome se kerkstelsel is dat die Pous die plek van Christus in die kerk inneem. Die uitspraak van Rome: Waar die pous is, is die kerk ook, beteken voorts dat daar waar die pous nie is nie, die kerk ook nie is nie. Goumaz som die treurige toedrag van sake soos volg op: "dit leidde tot een afschuwelijke verdorvenheid en een verlies voor het ambt van Godvrezende en behoedzame mannen" (Goumaz 1948:146).

Van Ruler werp op sy beurt 'n interessante blik op die verhouding tussen Christus, amp en gemeente. "Men zal op de wijze van de driehoek drie rechtstreekse verbindingslijnen moet trekken: Van Christus naar de gemeente, van Christus naar het ambt; en een heen en weer gaan lijn tussen het ambt en de gemeente en de gemeente en het ambt". Hierdie standpunt beklemtoon dat die amp nie los van die gemeente kan funksioneer nie. Christus roep immers die ampte om sy kerk te dien. Elke ampsdraer word deur die Gees toegerus om sy dienswerk in die gemeente met oorgawe te verrig. Die amp kan ook nie los van Christus funksioneer nie. Dit is tog Christus wat mense roep en stuur om in sy diens te staan. Die ampte kry hulle mandaat van Christus as Hoof. Wat die verhouding tussen amp en gemeente betref sluit Van Ruler se standpunt 'n ander wêreld oop. 'n Gemeente se houding teenoor die ampte moet wees: Hulle is uit ons, hulle is vir ons. Hierdie siening bring 'n swaai in denke te weeg. Vanaf gemeente kant word ondersteuning en gebede aan elke ampsdraer gegee (Van Genderen en Velema 1992:664).

(a) "In het Nieuwe Testament vormen de ambten van de opziener en dat van de ouderling samen in zekere zin elkander aanvullende functies" (Van't Spijker 1990:302-303). Vant't Spijker merk in die verband op dat die ontwikkeling van die

ampte deur die geskiedenis 'n paar afdraaipaadjies gevolg het. Met die verloop van tyd het die vroeë kerk parallelle tussen die biskop sy presbiter en sy diaken, en die Ou Testamentiese hoë priester, priester en leviet, getrek. Cyprianus het betoog dat die biskoppe die opvolgers van die apostels was wie Jesus persoonlik geroep en gekies het. As verkosenes het die biskoppe wesenlik deel aan die heil in Christus. Kragtens hulle Christelike outoriteit regeer die biskoppe die gemeente. Die konsekwensies hieraan verbonde is dat die biskop binne sy episkopaat oor die eenheid van die kerk waak. Teen hierdie agtergrond kom die onaanvegbare posisie van die pous duidelik na vore. As hoof oor die biskoppe is die pous in wese hoof oor die kerk. Die pous se hoofskap strek nie net oor die biskoppe nie. Ook die plaaslike gemeente moet die knie voor die pous, as hoof, buig.

## 4. DIE INKLEDING EN OMSKRYWING VAN DIE AMP VANUIT 'N GEREFORMEERDE KONFESIONELE VERTREKPUNT

'n Gereformeerde konfesionele vertrekpunt beklemtoon 'n paar sleutel begrippe. In die eerste plek word bely dat Christus die handelende Subjek in die kerk is. Tweedens word die ampte as dienende objekte beskou. Die Skrif is voorts die basis waarop alle ampswerk geskoei word. Deur sy Woord en Gees is die gekruisigde Here as Hoof, self in sy kerk teenwoordig. Vanuit sy Woord en deur sy Gees lei Christus ampsdraers in hulle dienswerk. Die ondersoek van die studie verskuif vervolgens na die inkleding en inhoud van die ampte vanuit 'n gereformeerde konfesionele invalshoek. Vir baie ampsdraers beteken "regering" eenvoudig die doeltreffende of effektiewe bestuur van die gemeente in terme van sy finansies en ander gewone alledaagse sake. Bestuurs- en administratiewe modelle uit die sekulêre wêreld word dikwels as analogie vir die "regering" van die kerk gebruik. Hierdie toedrag van sake hou 'n wesenlike gevaar vir die inkleding van die amp in. Die kerk is eiesoortig en anders as enige struktuur en instansie (Coertzen 1990:182). Wanneer wêreldse modelle die rigtinggewende beleidsbepaler in die kerk word, verloor die kerk sy identiteit. Dus noodsaak die vraag na die regering, opsig en tug wat aan ampsdraers toevertrou word 'n indringende antwoord. 'n Bevredigende antwoord op die vraag is slegs moontlik wanneer die aard van die amp in perspektief beskou word. Alle werk wat die ampte in die koninkryk verrig mag nooit enige iets anders as **diens** wees nie. Hierdie dienswerk kan verskillende vorme aanneem: diens aan ander, diens aan God, die verkondiging en uitleef van die evangelie. Die dienswerk van die ampte is boonop niks anders as 'n gawe van die Gees nie. Daarom beklemtoon Earle die belangrikheid dat 'n persoon suiwer motiewe moet koester wanneer hy begeer om 'n ampsdraer te wees. Sy begeerte mag nooit 'n uitdrukking van sy eie trots en

ambisie wees nie. Slegs wanneer iemand se begeerte om as ampsdraer te dien, en 'n diepgewortelde begeerte om die kerk te dien lê onderliggend aan die begeerte, kan so 'n persoon in die amp bevestig word (Earl 1978:363). In sy kommentaar op 1 Timotheus 3:2-7 merk Bouman op dat 'n opsiener primêr die taak dra om die gemeente in die geloof te dien, te lei en te leer (Bouman 1953:68).

Die verhouding van die ampte ten opsigte van die kerk van Christus vra ook ondersoek. Ampsdraers word immers deur Christus geroep om sy kerk tot diens te wees. "Dat de kerk als vergadering der gelovigen op tweërlei wijze voor ons openbaar wordt, in ambten en genademiddelen" (Bavinck 1918:356). In die verband is dit belangrik om in gedagte te hou dat die kerk nie 'n produk van mense is nie, maar 'n instelling van Christus wat deur sy Woord en Gees geroep is om sy volk tot diens te wees. In die ampte se ampsbeskrywing kom hierdie opdrag sterk na vore. Die ouderling is in die besonder getaak met die opsig en die leiding van die gemeente. Leerstellige gevare van binne en buite die gemeente moet ten alle koste beveg word. Lidmate moet in dieselfde asem gelei word in die spore van die Skrif om so die Koning te ontmoet. Bavinck plaas die amp se posisie ten opsigte van die gemeente soos volg in konteks: "dat het ambt een orgaan der gemeente is .... de ambten is de kerk van Christus zijn geen heerskappij voerende maar een dienende macht" (Bavinck 1918:413).

Goumaz poog met sy boek, *Het Ambten bij Calvijn*, om 'n samevatting te gee van Calvyn se kommentaar op die ampte vanuit die Nuwe Testament (Goumaz 1948:5). Terme soos *episkopos, presbuteros en diakonos* wat in die Pastorale Briewe voorkom, baan die weg om die ampte direk vanuit die Skrif te begrond. Die Pastorale Briewe beskryf die amp en funksie van die ouderling breedvoerig. Reg deur die reformasie het die klem voortdurend op die "twee kerklike aard" van die amp geval. Ten eerste word die amp gekenmerk deur nederige diens aan die kerk en diens aan die Here van die kerk. Ten tweede word die mag van die amp beklemtoon. Hierdie mag moet natuurlik nie verkeerd geinterpreteer word nie. Die amp verpersoonlik die verteenwoordiger van die Here van die kerk (Goumaz 1948:9). Die tragedie ontknoop wanneer die tweede aard van die amp verkeerd verstaan word. Die ampte dra net mag in sovêrre hulle die wil van die Here van die kerk uitvoer. Geen ampsdraer mag hierdie gesag vir homself opeis of toeein nie. Christus het hierdie mag, in sy groot genade, tot voordeel van sy kerk gegee. Beide kante van die muntstuk dien as kontrole om balans in die amp te verseker. Sonder nederige diens aan die kerk en die Here van die kerk is diens tot eie voordeel die voorland. Sonder die uitlewe van gesag, soos deur Christus verleen, kan daar nie sprake van nederige diens wees nie. Christus roep ouderlinge en diakens tot sy diens. Beide sorteer onder die kollektiewe begrip, dienaars. Tog bring elk van

die dienaars hulle eie beskeie dienswerk in gehoorsaamheid aan Christus en tot diens van sy kerk na vore. Die dienaars word tot 'n eenheid gebind deur hulle kollektiewe verpligting teenoor die Koninkryk. Gevolglik is alle arbeiders/ampsdraers gelyk in status. Natuurlik berus hierdie roeping/roepingsbesef nie op die onvervangbaarheid van die arbeiders nie. Ampsdraers se insette maak en breek nie die koninkryk nie. Christus self proklameer die koms en die aanbreek van die koninkryk. In sy groot genade sluit Christus nie die mens uit sy triomftog uit nie. Christus roep mense om tussen mense op 'n sigbare wyse gestalte aan die koninkryk te gee. Die gesag wat die ampsdraer het, is nie gesag wat Christus aan hulle afgestaan het nie. In en deur alles doen Christus nooit afstand van sy gesag nie (Goumaz 1948:16).

Op hierdie punt kan die vraag na die funksie van die ampsdraers gevra word. Binne die koninkryk lewer 'n gehoorsame ampsdraer 'n noodsaaklike diens. Die antwoord op die vraag na die funksie van die ampte kan met een woord opgesom word, dienslewering. Indien hierdie klem voort durend gehandhaaf word, sal die kerk en die ampte teen 'n hiërargiese inkleding van die amp beskerm word. Alle ampsdraers is gelyk in status. Die verskille tussen ampsdraers tree na vore wanneer daar op die onderskeie funksie klem gelê word (Goumaz 1948:17). Die Formulier vir die bevestiging ouderlinge en diakens lig die verskil in funksie tussen die ampte baie duidelik uit. Weens die aard van die ondersoek is dit onafwendbaar dat die formulier vir die bevestiging van ouderlinge en diakens asook die klassieke formulier vir die bevestiging van ouderlinge en diakens bestudeer gaan word (Handboek vir die erediens 1988:114-124). Tydens die bevestiging word bogenoemde formuliere as riglyn vir die inkleding en eise van die onderskeie ampte voorgehou. Gevolglik sal 'n studie wat nie op die bevestigings formuliere vir ouderlinge en diakens fokus nie, onvolledig wees.

*(a) Die formulier vir die bevestiging van ouderlinge en diakens*

(i) Die amp van ouderling:

- Is verantwoordelik vir die opbou en geestelike versorging van die gemeente
- Moet met Christus se voorbeeld, hul herderlike taak dienend uitvoer
- Ook verantwoordelik vir die opvoeding van die dooplidmate
- Bediening van tug
- Waak oor die suiwer leer en Woord bediening

(ii) Die amp van diaken:

- Diens begin rondom die nagmaaltafel
- Verantwoordelik vir die liggamlike versorging van die gemeente
- 'n Voorbeeld van onselfsugtige diens wees
- Moet lidmate toerus en inspireer om na mekaar om te sien
- Insameling en aanwending van die dankoffers

*(b) Die klassieke formulier vir die bevestiging van ouderlinge en diakens*

(i) Die amp van ouderling:

- Ouderlinge moet saam met die bedienaar van die Woord oor die gemeente wat aan hulle toevertrou is, opsig hou. Hierdie opsig behels dat lidmate gelei word sodat hulle in die belydenis wandel en hulle betaamlik gedra. Voorts rus die verantwoordelikheid op 'n ouderling se skouers om toe te sien dat die sakramente nie ontheilig word nie.
- Die tug moet aan die bedien word wat nie berou toon vir 'n lewenswyse wat teen die belydenis indruis. En dan sekerlik een van die aangrypendste handelinge: " en die wat wel berou het, weer in die gemeenskap van die kerk ontvang" (Handboek vir die erediens 1988:119).

(ii) Die amp van diaken:

- Die gewilligheid waarmee diakens na die materiële behoeftes van die gemeente omsien word sterk deur die klassieke formulier vir die bevestiging van diakens beklemtoon: "Daarvoor word nie alleen die gawe van onderskeiding en versigtigheid vereis nie om die bydraes net te bestee waar dit nodig is nie, maar ook blymoedigheid en opregtheid, om met bewoë hart en tegenoë gemoed die armes te help. Daarom is dit goed dat hulle nie net die uiterlike gawes nie, maar ook met die gepasde trooswoorde uit die Woord van God aan die armes en elendiges hulp verleen"(Handboek vir die erediens 1988:121).

Wanneer elk van die ampte hulle funksie in gehoorsaamheid uitleef, word die kerk van Christus gedien en opgebou tot 'n "gesonde" gemeenskap van gelowiges. In die funksionering van die ampte moet daar teen 'n antroposentriese inkleding van die amp

gewaak word. Wanneer daar oor die kerk geskryf of gepraat word mag die Here van die kerk nooit buite rekening gelaat word nie. Dit is immers die Here van die kerk wat ampsdraers roep en deur sy Gees toerus om diensbaar te wees. Goumaz gaan verder deur die lig op die dubbele eis van die amp, soos deur Calvyn beklemtoon, uit te lig (Goumaz 1948:31):

(a) Menslike kant:

Dat daar 'n groot verantwoordelikheid op ampsdraers rus, is 'n logiese afleiding. In hulle dienswerk moet ampsdraers teen ondeurdagte en blindelinge optredes waak wanneer hulle besluite neem. Dit kan nie altyd as 'n gegewe geneem word dat ampsdraers die Seun van God in hulle ampte verteenwoordig nie. Die hartseer realiteit is dat daar wel ampsdraers is wat die amp vir eie gewin probeer skaak. Gelukkig is die teendeel ook waar. Verskeie ampsdraers verrig hulle ampswerk met erns en toegewydheid aan die Here van die kerk. Gevolglik moet die verkiesing van ampsdraers met omsigtigheid hanteer word. Die eerste beste kandidaat is nie per se 'n toegwyde ampsdraer vir Christus nie.

(b) Goddelike kant:

Calvyn maak 'n sterk argument daarvoor uit dat daar 'n gees van gebed moet heers wanneer ampsdraers verkies word (Goumaz 1948:38). Niks goeds kan na vore kom in 'n saak waarin God nie geken word nie. Sonder gebed en die smeking om die leiding van die Gees is enige gemeente en haar dienswerk verdoem. Insig om dwaalleer te beveg, of 'n geopende oog om nood raak te sien kan net deur God bewerkstellig word. Op die keper beskou moet ons bely dat God, deur sy Gees, ampsdraers se aandag op die koninkryk fokus. Indien God nie as onvoorwaardelike rigtingwyser geraadpleeg word nie kan geen ampsdraer op die weg van die koninkryk bly nie. Sonder Christus se leiding kan 'n ampsdraer homself maklik 'n rat voor die oë draai deur te dink dat hy met koninkrykswerk besig is. Wanneer Christus in die verkiesingsproses geken word sal Hy deur sy Gees die geskikte kandidate vir die kerklike ampte aanwys. In die verkiesingsproses onderskei Calvyn tussen (i) Algemene verkiesing en (ii) besondere verkiesing (Goumaz 1948:39–41). Onder algemene verkiesing verstaan Calvyn die handeling waar God mense as sy kinders verkies. Die besondere verkiesing tipeer die roeping van ampsdraers soos ouderlinge en diakens tot 'n spesifieke amp. Beide verkiesings berus op loutere genade. Geen mens beskik oor inherente goeie einskappe wat hulle laat kwalifiseer om tot die ampte verkies te word. Christus roep ampsdraers. Die Gees dui die geskikte kandidate aan, en kweek die vrugte wat nodig is om 'n bepaalde amp te beklee.

Vir Calvyn is dit belangrik dat die funksie van 'n ampsdraer voortdurend in die oog gehou word, *de dienaar, eenvoudig instrument van God.* Calvyn staaf sy argument deur daarop te wys dat God alleen die oorsaak van saligheid is. God *begiftig* sy dienskneg met wysheid en trou. Beide gawes is van kardinalebelang vir elke ampsdraer. As verkose ampsdraer is daar geensins spanning tussen 'n ampsdraer se roeping en verantwoordelikheid nie. "Wijnu, wij geloven dat deze opvatting in één woord kan worden uitgedruk: dienst" (Goumaz 1948:43). Die implikasie van hierdie standpunt is dat 'n ampsdraer per definisie 'n dienskneg in diens van God is. Die fokuspunt van diens is die koninkryk van God. God bly in en deur alles die eintlike handelende persoon. Bekering, verlossing en roeping kan direk tot God, as die handelende, terug gevoer word. Die mens tree as verkondiger en getuie van God se heilswerk op. Hierdie getuienis en verkondiging is slegs moontlik omdat die Heilige Gees geloofsoë open om God se heilswerk raak te sien. Dieselfde Gees laat die evangelie in gelowiges, ook ampsdraers, se harte opvlam sodat stilswye buite die kwessie word.

## 5. DIE AMP VANUIT DIE BELYDENISSKRIFTE

### *5.1 Agtergrond*

'n Konfessionele ondersoek na die wese van die amp sal gebrek ly indien die gereformeerde Belydenisskrifte nie geraadpleeg word nie. Die kerk is na sy wese 'n belydende gemeenskap. Die inhoud van die gemeenskaplike geloof in die evangelie van God se genade soos dit in Christus geopenbaar, in die Skrif verkondig en deur die gemeente bely word (Jonker 1994:3). Hierdie karaktereienskappe van die kerk moet in die ampte se dienswerk tot uitdrukking kom. Die ampte moet, as deel van die belydende gemeenskap, openlik verkondig dat Christus die Hoof van sy kerk is. Voorts moet dit hulle belydenis wees dat Christus, in sy groot genade, mense tot sy diens roep. 'n Belydenis dat Christus ampsdraers deur sy Woord roep, toerus en stuur mag nooit in gebreke bly nie. Die belangrikheid en waarde van die belydenisskrifte mag nooit deur ampsdraers onderskat word nie. 'n Ampsdraer wat nie op die belydenisskrifte ag slaan nie, ontneem homself van 'n kosbare skat. Oor die belydenisskrifte maak Van Ruler die volgende opmerking: "Die belydenis is sowel 'n stok om mee te slaan, as 'n staf om mee te gaan" (Van Ruler 1947: 65-66). Die belydenisskrifte dien enersyds as hulpmiddel om dwaling te ontmasker, en andersyds as 'n opbouende funksie deurdat dit 'n samevatting van Skrifwaarhede is.

In beide die moderne en post-moderne eras geniet die belydenisskrifte nie veel aftrek nie. Redes wat hiervoor opgegee word is onderandere: (i) 'n Geestelike insinking in die kerk lei tot 'n onderwaardering van die belydenisskrifte, (ii) Die belydenisskrifte praat 'n taal van 'n ander tyd en is gevolglik vir vandag uitgedien, (iii) Die belydenisskrifte het sy onstaan aan binne-kerklike verskille te danke. Hierdie verkille, word gevoel is vandag nie meer in die kerk aanwesig nie, (iv) Die kerk het vandag ander uitdagings as hulle broers en susters van die sestiende eeu. Maatskaplike, sosiologiese en kulturele probleme vra vandag dringende aandag. Teen hierdie agtergrond skryf Jonker: "Die groot beslissings wat in die Reformasie geval het, behou hulle waarde vir alle tye, omdat dit niks anders was as 'n terugkeer na die bevrydende waarheid van die Evangelie nie. Maar daar het sedertien nuwe dwalings en probleme na vore gekom wat om 'n belydende woord van die kant van die kerk roep" (Jonker 1994:154). Die belydenisskrifte en Jonker se uitspraak rakende die rol van die belydenisskrifte en die kerk se belydende stem, het verreikende gevolge ook vir die ampte. Ou dwalings duik vandag in nuwe baadjies op. 'n Ouderling wat die belydenisskrifte gereeld lees en oordink sal male sonder tal 'n ou dwaling agter die nuwe baadjie herken. Brandpunte en debatte rondom die amp en ampsdraers se funksie is alles behalwe nuwe verskynsels. Die kerk van die sestiende eeu was ook in die kern van die debat rondom die amp en ampsdraers se praktiese uitvoering van hulle dienswerk.

In sy artikel *Amp en belydenis* vra Brown twee kernvrae rakende die amp: (a) Hoekom is die amp en Kerkorde aan die Gereformeerde belydenis verbind? en (b) waarop kom hierdie kerkhistoriese belydenis neer? (Rossouw 1988:153-155). Veral twee invloede het die Reformatore gedwing om oor die amp te besin. Endersyds Rome se oorwaarderig van die amp en andersyds die Anabaptiste se onderwardering van die amp. Die Rooms Katolieke Kerk se ampsbeskouing het bepalend geword vir die kerk se bediening. Die Anabaptiste wou op hulle beurt die uitgangspunt van die vroeë kerk herstel. Uit die aard van die saak is beide groepe se vertrekpunt radikaal foutief. 'n Verkeerde skriftuurlike benadering ten opsigte van die ampte lei onafwendbaar tot 'n wan persepsie van die ampte. Die kerk kry haar identiteit van haar hoof Christus.

Die Heidelbergse Katagismus stel dit in Sondag 21 vraag 54, baie duidelik dat Christus as hoof sy kerk deur sy Woord en Gees versamel, opbou en beskerm. In die gereformeerde benadering moet die unieke verhouding tussen Skrif en belydenis deurgaans gehandhaaf word. In die gereformeerde belydenis word daar na die Skrif as *norma normans* verwys terwyl die belydenisskrifte as *norma normata* beskou word. Sodoende het die belydenis kerkordelike waarde gekry (Rossouw 1988:154). Ook die belydenis van die vroeë kerk, dat

Jesus die Here is, plaas Skrif en belydenis in die regte verhouding tot mekaar. Die implikasie van 'n belydenis dat Jesus die Here is, plaas Christus en sy dienswerk op die regte plek. Die inkleding van die ampte- en hulle funksie moet vanuit hierdie belydenis afgelei word. Christus het met sy kruisdood en opstanding die mens weer in 'n geloofsverhouding met God geplaas. Vanuit hierdie geloofsverhouding roep Christus diensknegte en gesante, om Hom en sy koninkryk te dien. Deur die dienswerk van die ampte as genademiddel laat Christus Homself persoonlik in die gemeentskap van die gelowiges geld. Ampsdraers word met gawes van die Gees toegerus om hulle dienswerk te verrig.

Die kerk is na sy wese 'n belydende gemeenskap. Die inhoud van die gemeenskaplike geloof is die evangelie van God se genade soos dit in Christus geopenbaar, in die Skrif verkondig, en deur die gemeente bely word. Om eenstemmigheid te verkry oor wat presies die inhoud van die evangelie is, het in die geskiedenis van die kerk beslissings gemaak wat die inhoud van die evangelie omlyn en die juiste verstaan daarvan dien. Hierdie beslissings word verwoord in die belydenisse van die kerk (Jonker 1994:3). Teen hierdie agtergrond gaan die ondersoek op die Heidelbergse Kategismus en die Nederlandse Geloofsbelydenis.

### *5. 2. Die Heidelbergse Katagismus*

Die Heidelbergse Kategismus is op 19 Januarie 1563 deur die Gereformeerde Kerke van Nederland as belydenisskrif aanvaar. Die Kategismus was aanvanklik as 'n leerboek vir die jeug bedoel. Die inhoud van die Heidelbergse Kategismus het wyd aanklank gevind. In 1574 besluit die sinode van Dortrecht die Kategismus vir die opvoedkundige doeleindes in Nederlandse skole gebruik moet word. Die vestiging van christelike waardes in skole was 'n saak wat keurvors Frederik III as 'n prioriteit beskou het. Gevolglik het Frederik III nie kapsie teen die stigting van die kommissie vir die opstel van die Kategismus gemaak nie. Die kommissie het uit die Hoë Raad van Heidelberg, die Teologiese Fakulteit van Heidelberg, die superintendente en predikante sowel as die keurvorstelike hoof bestaan (Jonker 1994:92-93).

#### *(1) Sondag 31 vrae 83 - 85*

*Vraag 83:* Wat is die sleutels van die koninkryk van die hemel?
*Antwoord:* Die verkondiging van die heilige evangelie en die Christelike tug. Met albei hierdie handelinge word die koninkryk van die hemel vir die gelowiges oopgesluit en vir die ongelowiges toegesluit.

*Vraag 84:* Hoe word die koninkryk van die hemel deur die verkondiging van die evangelie oop- en toegesluit?

*Antwoord:* Volgens die bevel van Christus word aan die gelowiges gesamentlik en afsonderlik verkondig en openlik betuig dat al hulle sondes hulle waarlik deur God ter wille van die verdienste van Christus vergewe is, so dikwels as wat hulle die belofte van die evangelie met 'n ware geloof aanneem. Daarenteen word aan al die ongelowiges en huigelaars verkondig dat die toorn van God en die ewige verdoemenis op hulle rus solank hulle, hulle nie bekeer nie. Volgens hierdie getuienis van die evangelie sal God sowel in hierdie as in die toekomstige lewe oordeel.

*Vraag 85:* Hoe word die koninkryk deur die Christelike tug toe- en oopgesluit?

*Antwoord:* Volgens die bevel van Christus word die wat die naam Christen dra en tog 'n onchristelike leer huldig of hulle onchristelik gedra, eers herhaalde kere broederlik vermaan, As hulle egter nie van hulle dwalinge of skandelike lewe wil afsien nie, moet dit aan die gemeente of aan die wat deur die gemeente daarvoor aangewys is, gesê word. As hulle hulle ook nie aan laasgenoemde steur nie, word hulle nie langer tot die heilige sakramente toegelaat nie en uit die Christelike gemeente en deur God self uit die ryk van Christus uitgesluit. Hulle word weer as lede van Christus en sy gemeente aangeneem wanneer hulle werklike verbetering beloof en bewys.

***(ii) Kommentaar op Sondag 31 vrae 83-85***

In hierdie betrokke artikels word die sleutelmag van die kerk onder die loep geneem. Die sleutelmag was van die begin af in Christus se hande. Christus gee aan Petrus, as verteenwoordiger van die Apostels, die gawe van die sleutelmag. "Op de rots van dit apostolisch belijden zal Christus straks zijn gemeente bouwen" (Haitjema 1962:210). Omdat die sleutelmag van die begin af in Christus se hande is, kan die bediening van die sleutelmag nie sonder die verkondiging van die Woord uitgevoer word nie. Die sleutelmag word immers deur die geslagte heen gedra deur die apostoliese verkondiging van die evangelie. Die apostels was nie die laaste draers van die sleutelmag nie. Aan die hand van Efesiërs 4: 11 is dit duidelik dat Christus die ampte met 'n spesifieke rede aan sy kerk gegee het. As sleuteldraers moet die ampte Christus se kerk opbou, onderrig en versorg. Visser pleit dat die sleutelmag in perspektief gesien moet word. Die ampte besit die sleutelmag omdat Christus dit aan hulle toevertrou het (Visser 1980:46). Deur die beoefening van die sleutelmag gee

die ampte sigbaar uitdrukking aan die heerskappy van Christus. Binne hierdie konteks is dit belangrik om op te merk dat Christus die absolute sleutelhouer is. Wat die ampte tydelik oop- of toesluit sal Christus eendag vir altyd oop- of toesluit. Rakende die "toesluit" (tug) maak Haitjema die volgende treffende opmerking: "Het woord "tught" hangt, wat de woord vorm betreft, samen met "trekken", en niet afsnijden of uitbannen" (Haitjema 1962:213). Hierdie aanhaling raak aan die wese van die tug. Die doel van die tug is primêr om die gemeenskap van die gelowiges te versterk. Die onordelikes word in liefde tot inkeer vermaan. Die uitgangspunt van die vermaning is om afgedwaaldes nader te trek en nie te verjaag nie. Indien die vermaning op dooie ore val is afsnyding onafwendbaar, want dit versterk die gemeenskap van die gelowiges.

Vanuit die Skrif, 1 Timotheus 3:1–8 en 1 Timotheus 5:17-20, blyk dit dat die *presbuteros* die verantwoordelikheid dra om oor die suiwer leer en belydenis van die plaaslike gemeente te waak. Die verantwoordelikheid begin in 'n ouderling se eie huis vanwaar dit uitkring tot elke lidmaat van die plaaslike gemeente. Die bediening van die sleutelmag is 'n gewigtige saak. Self moet die ouderling besef dat ook hy onder die inkleding van die sleutelmag staan. Gevolglik moet 'n ouderling daarteen waak dat hy die sleutelmag bedien terwyl hyself ook tugwaardig is. Vanuit Titus 1:5-9 blyk dit dat 'n ouderling se eie lewenswandel bo verdenking moet wees. 'n Ouderling het nie net 'n verantwoordelikheid teenoor die plaaslike gemeente nie. As toesighouer is het 'n ouderling ook 'n verantwoordelikheid voor God. Hierdie verantwoordelikheid beteken dat 'n ouderling primêr oor sy eie lewe en sekondêr oor die lewenswyse van die gemeente moet waak, sodat hy sowel as die gemeente getrou aan die gereformeerde belydenis bly. Indien 'n ouderling of 'n lidmaat van die belydenis afwyk en hulle sonde bely, is daar in Christus vergifnis. Maar indien 'n ouderling of 'n lidmaat na herhaalde vermaning steeds in hulle sondige lewenswyse volhard, moet die tug aan hulle bedien word. Opsommend is die bediening van die tug die verantwoordelikheid van die *presbuteros*. Deur die tug te bedien word die gemeenskap van die gelowiges van ongelowiges en onordelikes gesuiwer. Self moet die *presbuteros* daarop bedag wees dat ook hy onder die tug staan indien hy 'n onordelike of ongelowige lewe lei.

### *5.3. Die Nederlandse Geloofsbelydenis*

Die Nederlandse Geloofsbelydenis is uit die pen van Guido de Brés gebore. Onder die invloed van onder andere Calvyn skryf de Brés die Nederlandse Geloofsbelydenis om as apologie vir die gereformeerde geloof teenoor koning Philip II van Spanje te dien.

Opsommend was de Brés se oogmerk om die Katolieke koning se aandag daarop te vestig, dat die gereformeerde standpunt in ooreenstemming met die Skrif is (Jonker 1994:49-50).

*(i) Artikels 30-32*

*Artikel 30* **Die regering van die kerk**

Ons glo dat hierdie ware kerk ooreenkomstig die geestelike bestuurswyse wat ons Here ons in sy Woord geleer het, geregeer moet word. Daar moet naamlik dienaars of herders wees om die Woord van God te verkondig en die sakramente te bedien; ook ouderlinge en diakens om saam met die herders die kerkraad te vorm. Deur hierdie middel moet hulle sorg dra dat die ware godsdiens onderhou, die ware leer oral versprei, die oortreders op geestelike wyse vermaan en in toom gehou en dat ook die armes en beproefdes volgens hulle nood gehelp en getroos word. Op hierdie wyse sal alles in die kerk behoorlik en ordelik geskied wanneer betroubare persone gekies word ooreenkomstig die voorskrif wat die apostel Paulus in die brief aan Timoteus daarvoor gee.

*Artikel 31* **Die ampsdraers van die kerk**

Ons glo dat die bedienaars van die Woord van God, ouderlinge en diakens tot hulle ampte verkies moet word deur middel van 'n wettige verkiesing deur die kerk, onder die aanroeping van die Naam van God en in goeie orde, soos die Woord van God leer. Daarom moet elkeen terdeë daarteen waak om hom met onbehoorlike middele in te dwing. Hy moet wag totdat hy deur God geroep word, sodat hy van sy roeping bewus kan wees en sekerheid kan hê dat dit van God kom. Verder, wat die bedienaars van die Woord betref: Hulle het, op watter plek hulle ook mag wees, een en dieselfde mag en gesag, omdat hulle almal dienaars van Jesus Christus is- die enigste algemene Opsiener en die enigste Hoof van die kerk. Verder sê ons, met die oog daarop die die heilige bevel van God nie verkrag of geminag sal word nie, dat elkeen vir die bedienaars van die Woord en die ouderlinge van die kerk besondere agting moet hê ter wille van die werk wat hulle doen, en sover mmoontlik sonder murmurering, twis of tweedrag in vrede met hulle moet saamleef.

*Artikel 32* **Die orde en tug van die kerk**

Ons glo verder dat die regeerders van die kerk, al is dit nuttig en goed om onder mekaar 'n bepaalde orde tot instandhouding van die liggaam van die kerk in te stel en te handhaaf, tog noukeurig moet oppas om nie af te wyk van wat Christus, ons enigste Meester, vir ons ingestel het nie. En daarom verwerp ons alle menslike uitdinksels en alle wette wat mense sou wil invoer om God te dien en om, op watter manier ook al, die gewetens daardeur te bind

en te dwing. Ons aanvaar derhalwe slegs wat kan dien om eendarg en eenheid te bewaar en te bevorder, en om alles in gehoorsaamheid aan God te onderhou. Daarvoor is nodig die ban en alles wat daarmee saamhang, toegepas ooreenkomstig die Woord van God.

***(ii) Kommentaar op Artikels 30-32***

Die sleutelmag word verder in hierdie artikels ondersoek. Weens sy unieke aard kan die kerk nie op dieselfde beginsels en bestuurswyse as bv. 'n rolbalklub bestuur word nie. Hierdie artikels se bewoording verwys na 'n *geestelike bestuurswyse* wat Christus van sy kerk en in die besonder die ampte verwag. Deur sy Woord en Gees maak Christus die geestelike bestuurswyse duidelik aan sy kerk bekend. As Koning oor sy kerk gee Christus sy Woord en Gees om onafskeidbaar in sy kerk te funksioneer. 'n Skeiding tussen Woord en Gees lei tot ongekontroleerde subjektivisme (Heyns 1992:352). Wanneer die sleutelmag onder die loep geneem word duik drie vrae op: (a) Aan wie word die sleutelmag gegee, (b) Wat presies behels die sleutelmag en (c) Watter implikasies hou die sleutelmag vir die kerk van Christus in? (Vorster 1987:49). Die antwoorde op die vrae is nie eenvoudig nie:

(a) Christus gee die sleutelmag nie net aan een persoon nie. Die rede is eenvoudig: Weens sy sondigheid is die mens redelik onbetroubaar. Gevolglik bestaan die gevaar dat 'n individu sy posisie kan misbruik. Dit is voor die hand liggend dat die draer van die sleutels ook mag oor die sleutels het. Christus het in sy groot genade gesorg dat die mag nie net in een persoon gesetel is nie. Christus het die sleutelmag nie net aan Petrus nie maar aan al sy dissipels gegee. Die sleutelmag plaas ampsdraers in die sentrum van die koninkryk vanwaar hulle tot diens van Christus en sy kerk kan wees.

(b) Die oop– en toesluit van die koninkryk is op mense toegespits. Mense wat deur die bediening van die woord van die koninkryk uit- of ingesluit word. Die sleutelmag is direk aan die Koninkryk gekoppel. Die draers van die sleutelmag is nie net by magte om die toegang tot die Koninkryk te beheer nie. Sleuteldraers moet ook toesig hou oor dit wat in die Koninkryk gebeur.

(c) Een saak mag nooit uit die oog verloor word nie: Die kerk het haar ontstaan en voortbestaan aan Christus te danke. Christus gee aan sy kerk, in Matteus 28:20, die belofte dat hy by haar sal wees totdat hy weer kom. Christus aktiveer sy kerk en in die besonder die ampsdraers om deur die sleutelmag te dra, die weg vir die Koninkryk voor berei.

In sy kommentaar op die artikels maak Polman die volgende stelling: "De kerk van Christus heeft niet met een vereniging te maken, waarin de leden zelf de koers bepalen" (Polman: 1950?:196). Die kerk het sy ontstaan aan die werking van die Heilige Gees te danke. Die Gees bewerk die geloof en versamel God se kinders in 'n gemeenskap van gelowiges. Getrou aan die reformasie bely die ampte dat dit wat die Gees vanuit die Skrif openbaar die basis is waarop die regering van Christus se kerk rus (Sola Scriptura). **Artikel 30** moet teen die agtergrond van die Christokrasie gelees word. Die kerk is nie 'n republiek of 'n maatskappy nie. Die wese van die kerk is 'n monargie en die enigste monarg is Christus ons Koning. As Koning van die kerk versamel, bestuur, beskerm en stuur Christus sy kerk deur sy Woord en deur sy Gees. Die implikasie van die belydenis is dat die ampte hulle mandaat van Christus ontvang. Dit impliseer dat die ampte se dienswerk slegs waar en eg kan wees as Christus die enigste Leidsman en Herder bly.

As Koning gebruik Christus mense om sigbaar aan sy heerskappy uitdrukking te gee. In hierdie verband roep Christus ouderlinge en diakens tot sy diens. Vervolgens is die ampte slegs legitiem en funksioneel in soverre hulle gehoorsaam aan die Christus is. Ampsdraers wat konsekwent gehoorsaam aan die Woord en die Gees is sal dus altyd legitiem en funksioneel wees. Die ander kant van die saak is ook waar. Wanneer die ampte aan die leiding van die Woord en die Gees ongehoorsaam is, is hulle aan die Koning ongehoorsaam. Wanneer hulle aan die Koning ongehoorsaam is, verloor die ampte hulle funksie en legitimiteit. Wanneer Christus ongehoorsaam word is die vraag eenvoudig: Wie moet dan gehoorsaam word?

**Artikel 30** gee ook 'n duidelike omlyning van wat die ampte se ampswerk behels. Skrifbeginsels ets die buitelyne van die omvang van die ampte baie duidelik af. Binne die lyne is daar net een subjek en dit is Christus wat sy kerk onderhou en regeer. In hierdie verband maak Polman 'n treffende opmerking: "Bij dit ambtelijk werk bedient Hij zich van ambtsdragers, die Hij als zijn organen aangesteldt heeft en met zijn bijstand en Geest ondersteunt". Polman sluit sy kommentaar op artikel 30 met 'n paar wyse woorde af. Hierdie uitlating moet die fondament wees waarop enige ampsdraer sy bediening bou: "En alleen waar de ambtsdragers getrouw zijn en de gemeente de regel van Gods Woord in acht neemt, zullen alle dingen in de kerk wel en ordelijk toegaan" ( Polman 1950?:206-209).

**Artikel 31** verwoord en beskryf 'n ampsdraer se reaksie op God se roepstem tot Sy diens. In sy kommentaar werp Polman verder lig op die saak: "Opmerkelijk is, dat het bidden en vasten hier na de aanstelling plaats vindt, blijkbaar met de bedoeling , dat God zelf de keuze

mocht goed keuren" (Polman 1950?:211). Voorts lig Polman die posisie en rol van die gemeente in die verband uit. In haar mondigheid speel die gemeente 'n balangrike rol tydens die roeping van ampsdraers. Die ampsdraers word deur die gemeente vanuit hulle eie geledere aangewys. Tog is die proses nie hier afgehandel nie. Die genomineerde/s moet in gebed tot God nader en om sy wil te vra. Verder is dit belangrik dat daar vanuit die gemeenskap van die gelowiges gebede van smeking tot God opgaan. Hierdie gebede moet die gemeente se begeerte verwoord dat God (a) die regte persoon moet uitwys en (b) dat die gemeente hulle eenstemmigheid met die genomineerde/s uitdruk. Volgens Polman eindig **Artikel 31** met 'n duidelike oproep en eis. Hierdie oproep en eis rus op Skriftuurlike riglyne. Die gemeente word opgeroep en vermaan (Lukas 10:16) om die ampsdraer/s as gemeente van God te ontvang (Polman 1950?:215). Hierdie optrede en gesindheid van 'n gemeente het 'n bepaalde invloed op ampsdraer/s. 'n Gemeente wat met blydskap en in gehoorsaamheid ampsdraers aanvaar maak ampsdraers se dienswerk baie makliker. 'n Ampsdraer/s wat nie deur die gemeente ondersteun en gedra word nie, is tot ongekende frustrasie verdoem.

In **Artikel 32** kom 'n geestelike orde in die kerk ter sprake. Luther het in Desember 1520 sy papiere op die markplein van Witteberg aan die brand gesteek. Pouslike verordeninge en kerklike wette was onder andere deel van die papiere wat verbrand was. Met sy optrede wou Luther wys dat hy finaal 'n breuk met die pouslike wette en kerklike bepalinge van die Rooms Katolieke Kerk maak. Luther se optrede was alles behalwe 'n opstand teen 'n geestelike orde. "Al de Reformatore spraken voordurend van 'goddelijke recht', maar vonden de bron daarvan uitsluitend in Gods Woord" (Polman 1950?: 218-219). Deur **Artikel 32** stuur reformatore doelbewus van kerklike wette en bepalinge weg wat die kerk se gewetes bind. Die enigste riglyn wat gelowiges moet volg by die inrigting van 'n gemeente is die Woord. Die gereformeerde belydenis *Sola Scriptura* wil dit duidelik maak dat die Woord die enigste norm en riglyn vir die kerk van Christus is. **Artikel 32** ontken nie dat daar 'n bepaalde orde in die kerk mag wees nie. Inteendeel, 'n kerklike orde word gebore wanneer die stem van die Woord gehoor en gehoorsaam word. **Artikel 31** erken juis die feit dat die ampte 'n ordelike instelling van Christus is. In Efesiërs 4:11-12 word die ampte as 'n orde instelling van Christus pertinent uit gesonder. Aan die ampte stel Christus bepaalde eise. Deur die eise verseker Christus dat die ampte ordelik binne 'n gemeente funksioneer. Die eise wat aan ampsdraers gestel word is direk herleibaar na beginsels uit die Woord. In die verband is die Pastorale Briewe, 1 Timoteus 3:1-13; 1 Timoteus 5:17-20 en Titus 1:5-9, baie duidelik.

# 6. DIE AMP VANUIT DIE GEREFORMEERDE KERKORDE

## *6.1. Die posisie van 'n Kerkorde*

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika se interpretasie van **Artikel 32** van die Nederlandse Geloofsbelydenis regverdig 'n nadere ondersoek. Die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika (1962) is gebore na 'n interpretasie van **Artikel 32** van die Nederlandse Geloofsbelydenis. 'n Nadere studie van Kerkordes ontbloot 'n bepaalde denkrigting agter die inkleding van die ampte soos dit in die praktyk gestalte kry. Die kerk van die Here is kerk van die Woord. Hierdie Woord kan enersyds die verkondigde Woord wees, andersyds is dit ook vir die kerk moontlik om die inhoud van die Woord in 'n sistematiese vorm as belydenis weer te gee. Andersgestel kan 'n mens sê dat die belydenis 'n gesistematiseerde samevatting van die Woord is (Coertzen Januarie 1989:75-76). Binne hierdie belydenis word die Kerkorde as "gesistemtiseerde reëls" vir die orde van die kerk beskou. Persoonlik is die terme "sistematiese reëls" 'n onbybelse begrip. In die Bybel gaan dit nie om reëls nie. Die Skrif verwys wel na 'n orde wat Christus deur sy Woord en Gees skep en onderhou. Die wet funksioneer binne die christelikeorde as 'n vervulde wet. Binne die orde wat Christus skep funksioneer die wet as 'n middel waardeur 'n gelowige sy dankbaarheid teenoor God bewys. Hierdie "sistematiek" is vreemd aan die Skrif en Belydenisskrifte.

Die implikasie van Coertzen se stelling is dat die belydenis die Kerkorde vooraf gaan. Die Kerkorde is voorts op die belydenis as gesistematiseerde samevatting van die Woord gebou. "Dit is uiteindelik nie in die eerste plek die funksie van die belydenis om 'n gemeente teen bepaalde kerkregtelike "onreg" te beskerm nie, daardie funksie kom ten diepste alleen die Skrif toe". Coertzen merk wel op dat die belydenisskrifte, as gesistematiseerde samevatting van die Skrif, wel 'n positiewe bron vir kerkregering is. In die praktyk word daar probleme met die toepassing van hierdie belydenis gesien. Soms vergestald hierdie belydenis in 'n paradoks. As die skema Skrif – belydenis – Kerkorde is, duik die volgende vraag op: Hoekom word hierdie skema nie in die praktyk konsekwent deurgevoer nie? As gereformeerdes beroep ons, ons graag op die Skrif as *norma normata*. Wanneer ons van mekaar veskil in gesprekke oor die ampte en die amptelike dienswerk van die kerk word die situasie gewoon ontlont deur daarop te wys dat elke mens die Bybel op 'n verskillende manier lees. Ook dieselfde houding word teenoor die belydenisskrifte ingeneem. In teorie onderskryf ons die belydenisskrifte, as *norma normans*, ***qua***, omdat dit met die Skrif ooreenstem.. As elkeen die Skrif op sy manier lees en verstaan is dit tog van die

belydenisskrifte ook waar. Ons bely graag dat ons 'n God van orde aanbid. Gevolglik word daar ter wille van ordelike handelinge na die Kerkorde gegryp. Die feit dat die Belydenisskrifte, onder andere, 'n sterk standpunt teen dwaalleer inneem word agterwee gelaat. In die Belydenisskrifte word dwaalleer juis beveg omrede dit die Christelike orde in die kerk bedreig het.

Die belangrikheid van 'n kerkorde mag nie onderskat word nie. Die realiteit is dat die bril van subjektivisme veroorsaak dat die Kerkorde 'n ongesonde posisie as riglyn vir kerklike dienswerk inneem. 'n Kerkorde het nog nie die toets van die tyd deurstaan om *qua* onderskryf te word nie. Coertzen se interpretasie van Artikel 32 van die Nederlandse Geloofsbelydenis noodsaak 'n dieper ondersoek. Artikel 32 maak juis melding van 'n Christelike orde. Die gronde vir 'n Kerkorde berus, volgens Coetzer, op Artikel 32: "Dit nuttig en goed is dat die regeerders van die kerk onder mekaar 'n sekere orde instel en bevestig tot 'n instandhouding van die liggaam van die kerk .... Ons sou dit 'n Kerkorde noem" (Coertzen 1989:78). Dit is belangrik om in gedagte te hou dat hierdie 'n opdrag is om die leer en die evangelie na te volg en nie 'n fundering van 'n Kerkorde as sodanig nie. Die vertrekpunt vir die ampte en die inrigting van hulle dienswerk moet die Woord en nie 'n Kerkorde wees nie. Vervolgens moet enige Kerkorde teen die ligstraal van die Skrif gelees word. Indien 'n Kerkorde 'n vergestalting van Skriftuurlike waarhede is, kan dit inderdaad met groot vrug vir die inrigting van die kerk gebruik word.

### *6.2. Die Kerkorde van die Gereformeerde kerke in Nederland (1959)*

God stel Homself reeds aan die begin van die Skrif bekend as 'n God van orde en nie wanorde nie. Indien die kerk haar verbondenheid aan hierdie God van orde bely, kan die kerk in haar dienswerk nie onordelik voorkom nie. Vanuit 'n Kerkordelike invalshoek maak Nauta 'n paar opmerkings rondom die praktiese inrigting van die kerk. In sy opmerkings gebruik Nauta sy kommentaar op die Kerkorde van die Gereformeerde Kerke in Nederland (1959). Die Kerkorde van die Gereformeerde Kerke in Nederland het sy oorsprong op die Sinode van Dortdrecht (1619) gehad. Tydens die sinodesitting van 's-Gravenhage (1949) het daar 'n behoefte onder lede van die Gereformeerde Kerke in Nederland ontstaan dat die Dortse Kerkorde hersien moet word. "In het rapport van de commissie, die de zaak moest voorbereiden, werden vooral drie redenen aangevoerd welke zouden pleit voor herziening van de kerkorde". In die eerste plek was daar 'n behoefte vir insidenteële veranderinge aan die kerkorde. Tweedens het die formulering van die artikels komplikasies opgelewer wanneer kerklike konflikte voor die bugerlike regsbank besleg was. Derdens het belangrike

aspekte soos sending, evangelisasie en die geestelike versorging nie in die Kerkorde van Dort die nodige beklemtoning geniet nie. Tydens die sinodesitting van Rotterdam (1952) was riglyne vir herformulerings en veranderinge aan die Kerkorde van Dortrecht uitgestip. In kort het die riglyne bepaal " Het mocht niet meer zijn dan een herziene kerkorde, zodat nog altijd die van Dortrecht er min of meer in herkenbaar zou blijven". Die sinodesitting van Leeuwarden (1955) het die ruimte geskep waar voorstelle vir die hersiening van die Kerkorde van Dort ingedien kon word. Die sinode van Assen (1957) het die taak op hom geneem om die finale hersiende Kerkorde vir die Gereformeerde Kerke in Nederland af te handel sodat die hersiende Kerkorde vanaf 1 Januarie 1559 van krag kan wees ( Nauta 1971:20-38). Kritiek rondom die proses wat gevolg was om die hersiende Kerkorde te bekragtig kan nie agterwee gelaat word nie. Die goedgekeure hersiende Kerkorde was natuurlik bindend op alle gemeentes van die Gereformeerde Kerke in Nederland. Die tragedie was dat nie een van die kerkrade van die plaaslike gemeentes van die Gereformeerde Kerke in Nederland om goedkeuring genader was nie. 'n Meerdere vergadering het die goedkeuring van die hersiende Kerkorde op homself geneem.

*Artikel 24:* "De taak van de ouderlingen is, tezamen met de dienaar des Woord sover de gemeente de herderlijke zorg uit te oefenen, over haar en over medeambtsdragers het opzicht te hebben en het vermaan en de tucht te oefenen, de leden der gemeente trouw te bezoeken en tevens te trachten anderen voor Christus te winnen".

In hierdie artikel word die taak en werkswyse van die ouderlingsamp hanteer. Ouderlinge is verantwoordelik vir die herderlike versorging van die gemeente. Voorts moet ouderlinge deur die bediening van die tug en die verkondiging van die evangelie Christus se oorwinning rugbaar maak. Alhoewel daar raakvlakke tussen die dienswerk van die ouderling en die leraar is moet die onderskeid tussen bogenoemde ampte nie geïgnoreer word nie. Ook mag die raakvlakke nie mis gekyk word nie. Die herderlike versorging en vermaning is nie net die taak van die leraar nie. 'n Ouderling is mede verantwoordelik vir die herderlike sorg en vermaning van die gemeenskap van die gelowiges. Vervolgens mag 'n ouderling en die leraar nie hulle plig versuim deur die herderlike sorg en vermaning aan die ander party oor te laat nie. God het aan ouderlinge en leraars bepaalde gawes gegee waarmee die gemeenskap van die gelowiges gedien moet word. Dit is belangrik dat ampsdraers besef dat die gawes in samewerking met mekaar aangewend moet word. 'n Ouderling mag nooit vergeet dat hy tot herder geroep is nie. Hierdie roeping kom van Christus en nie mense nie. As herder dra 'n ouderling Christus se vertroue om sy kudde te versorg. Hierdie versorging is nie altyd voor die hand liggend nie. Ook is versorging nie 'n eenmalige gebeurtenis nie. Die versorging

van die gemeente is 'n taak waarvoor Christus ouderlinge roep tot die dag wanneer Christus weer kom. Versorging beteken ook om die wat in die geloof afdwaal te vermaan. Natuurlik roep dit 'n ouderling ook om die wat in die geloof verflou aan te spoor. Tog is dit juis hier waar die pap dikwels aanbrand. Uit vrees vir vriende en ander se reaksie op 'n vermaning is ouderlinge en leraars dikwels traag om hulle roeping te vervul.

*Artikel 25:* "1. De taak van de diakenen is, aan de leden der gemeente, die in stoffelijk of in ander opzicht medeleven of hulp behoeven, de christelijke barmhartigheid te bewijzen door hen mer raad en daad bij te staan, en ook aan anderen, zowel in eigen omgeving als elders in de wêreld, naar vermogen deze barmhartigheid te bewijzen.
2. Zij zullen tot dat doel de gaven der gemeente inzamelen en beheren en daartoe eveneens andere goede middelen zoeken en aanwenden; ook zullen zij de leden der gemeente opwekken zich persoonlijk te beijveren in het bewijzen van de christelijke barmhartigheid".

Voor enige opmerkings oor die artikel gemaak word is dit belangrik om eers op die samestelling daarvan te let. Die eerste deel van die artikel fokus op die taak wat op 'n diaken se skouers rus. In die tweede deel word aandag aan die middele gegee wat 'n diaken nodig het om sy dienswerk te verrig. Nauta beklemtoon 'n baie belangrike punt rakende die dienswerk van 'n diaken: "Maar zelfs een dergelijke situasie mag niet uit het oog doen verliezen, dat primaire taak van de diaken is en blijft het bewijsen van barmhartigheid" (Nauta 1971:108). Barmhartigheidsdiens is die uitstaande kenmerk van die amp van diaken. Onder barmhartigheidsdiens ressorteer begrippe soos, die uitdeel van lewensmiddele sowel as vriendelike hartlike woorde. Hierdie begrippe kom na vore wanneer 'n diaken aktief in die nood en behoefte van die wêreld betrokke moet wees.

Dit is van deurslaggewende belang dat 'n diaken barmhartigheid met woord en daad moet bewys. Die groot vraag is: Aan wie moet 'n diaken barmhartigheid bewys? In die verband spreek die Skrif hom baie duidelik uit. Barmhartigheid is nie 'n "luuksheid" wat net vir die plaaslike gemeente bestem is nie. Barmhartigheid soos vanuit die Skrif verstaan, het die gemeente asook die wêreld in die versier. Artikel 25 beklemtoon die gedagte dat 'n diaken middele benodig om sy diens van barmhartigheid te lewer. Die artikel is voorts baie duidelik in sy uitspraak waar die middele vandaan moet kom "Deze middelen moeten hun toevloeien uit de gemeente" (Nauta 1971:110). Die onus rus op die plaaslike gemeente se skouers om aan diakens die nodige middele beskikbaar te stel sodat hulle inderdaad 'n sinvolle barmhartigheidsdiens kan lewer. 'n Baie hartseer verhaal speel homself af waar diakens

vermaan word om barmhartigheidsdiens te lewer terwyl die plaaslike gemeente in gebreke bly om hulle van die nodige middele te voorsien.

### *6.3. Die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid - Afrika*

Vervolgens word die aandag op die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika gevestig wat in 1962 ontstaan het en in 2002 veranderings ondergaan het. Die studie gaan vervolgens op die huidige Kerkorde (2002) asook toepaslike bepalings by bepalde Artikels van die Kerkorde fokus.

*Artikel 3:* "Christus self deur die Heilige Gees verrig al die dienswerk in sy kerk. Hy doen dit deur:

3.1.1. die dienswerk van al die gelowiges;

3.1.2. die dienswerk van die drie besondere ampte, te wete:

- die bedienaar van die Woord
- die van ouderling
- die van diaken

3.2. hierdie drie ampte is gelykwaardig, maar word in opdrag en werk onderskei. By die uitoefening van hulle roeping mag geen ampsdraer oor ander ampsdraers heerskappy voer nie, aangesien Christus die enigste Hoof, Koning en Meester van sy kerk is".

In artikel 3 van die Kerkorde word daar erken dat Christus self deur die Heilige Gees al die dienswerk in sy kerk verrig. Christus se dienswerk kry gestalte in die dienswerk van die ampte. Die ampte, te wete die amp van diaken, ouderling en leraar, word gelykwaardig naas mekaar gestel, "maar word in opdrag en werk onderskei" (Kerkorde 2003:3). In die verband is dit belangrik om op te merk dat ampsdraers se *opdrag* en *werk* deur Christus bepaal word. Geen gemeente, kommissie of kerklike vergadering mag lukraak die inkleding van die ampte se dienswerk op hulle te neem nie. Die geloofwaardigheid van ampsdraers is daarin gesetel dat Chritus die Hoof van sy kerk is.

*Artikel 4:* " Niemand mag in die Kerk van Christus in een van die besondere ampte dien sonder dat hy/sy

- op 'n wettige manier verkies is,
- die nodige approbasie verkry het, en
- bevestig is nie

Artikel 4 benadruk die belangrikheid dat niemand in die kerk van Christus in enige van die besondere ampte kan dien sonder (i) Dat hy/sy op 'n wettige wyse beroep is, (ii) die nodige aprobasie verkry het en (iii) bevestig is nie. Die hele proses van die verkiesing van die ampsdraers word breedvoerig in Bepaling 4 van die betrokke artikel uitgespel. Ampsdraers word op 'n kerkraadsvergadering verkies, hulle name word vir goedkeuring aan die gemeente bekend gemaak daarna word hulle in hulle onderskeie ampte bevestig. Bepaling 4.3 noop 'n nadere ondersoek: "Tot ouderlinge en diakens word gekies die godsdienstigste en kundigste lede van die gemeente, wat geen teëstrewers van die kerklike leer en verordenige is nie". Op die punt duik veral twee vrae op: (a) Wat behels die term *die godsdienstigste*; en (b) Wat word onder die term *kundigste* verstaan? Is die belydenis dat God nie net die bekwames roep nie, maar ook die wat nie bekwaam is nie, en hulle bekwaam maak om sy dienswerk te doen versoenbaar met Bepaling 4.3?. Die uitdrukking *godsdienstigste* skep verwarring. Enersyds kan dit beteken dat net die toegewydste persone tot die amp van ouderling en diaken verkies moet word, andersyds kan dit beteken dat 'n individu oor 'n bepaalde vroomheid moet beskik. Die gevaar is dat die term die agterdeur oplaat vir piëtisme en 'n geestelike hierargie. Die term *kundigste* skep ook 'n paar interpretasie probleme. Die feit dat *kundigste* nie duidelik omskryf word nie laat die agterdeur oop sodat ongemaklike vrae omseil kan word. Vir my beteken kundigheid dat 'n persoon 'n kenner op 'n bepaalde gebied is. Kundigheid hou bepaalde voordele en gevare in. 'n Kundige persoon met betrekking tot finansies is 'n aanwins indien die persoon primêr 'n begeerte het om die gemeente met sy kundigheid en ander gawes te dien. Wanneer die persoon boonop in 'n lewende verhouding met Christus staan is die "aanwins" soveel groter. Die gevare aan die ander kant is dat daar 'n vereiste aan persone gestel word voordat hulle toegang tot 'n amp mag verkry. 'n Lewende verhouding met God weeg dan ligter as die kundigheid wat benodig word. Voorts kan 'n situasie ontstaan waar 'n persoon vir sy kundigheid verkies word en waar die betrokke persoon net op sy kundigheid konsentreer en die res van sy dienswerk afskeep.

"Pre-advies" (Bepaling 4.14) maak voorsiening vir die benutting van Pre-advies tydens die nominasie van ampsdraers. Hierdie bepaling het in beginsel 'n positiewe effek. Wanneer die onus op 'n "uitredende ampsdraer" rus om 'n plaasvervanger in sy plek te nomineer word 'n groot stuk frustrasie vermy. Min kerkraadslede ken al die lidmate in 'n bepaalde wyk beter as die betrokke ouderling en diaken van die betrokke wyk. In die wyk mag daar inderdaad iemand wees wat dit begeer, vir die regte redes, om 'n ouderling of 'n diaken in diens van Christus te wees. Deur Pre-advies kry hulle die geleentheid, wanneer hulle genader word, om hulle begeerte bekend te maak. Die finale goedkeuring berus steeds by die kerkraad en die plaaslike gemeente. Hierdie proses ondervang ook die verskynsel waar wyke vir maande

en selfs jare vakant bly. In die geval van vakante wyke word daar in elk geval nie na die geestelike en materieële behoeftes van die wyke omgesien nie.

*Artikel 15:* " 15.1. Ouderlinge en diakens onderskryf met hulle bevestiging deur hulle handtekening hulle instemming met die belydenis van die kerk.
15.2. Daar behoort 'n gereelde aftrede van ouderlinge en diakens te wees. Elke sinode bepaal die dienstermyn van ouderlinge en diakens".

Artikel 15 hanteer die tydsduur van 'n ampsdraer se dienstermyn. 'n Termyn kan uit twee of drie agtereenvolgende jare bestaan. 'n Duidelike afbakening van 'n dienstermyn het meer voordele as nadele. Ten eerste kry 'n ampsdraer 'n geleentheid om sy bereidwilligheid vir 'n verdere termyn te verklaar. Gevolglik bestaan die dienende ampsdraers uit mense wat steeds gemotiveerd is om Christus en sy kerk vanuit hulle ampte te dien. Ten tweede gee die afwisseling van persone "uittredende ampsdraers" genoegsame geleentheid om uit te rus. In die derde plek bring "nuwe ampsdraers" entoesiasme, nuwe idees en 'n mate van objektiwiteit na 'n kerkraad. Wanneer 'n ampsdraer vir jare op die kerkraad dien word die deur vir 'n ongesonde situasie oop gelaat. As *lank dienendste* kan 'n betrokke ampsdraer 'n byna onaanvegbare posisie van invloed inneem. Boonop dien 'n ampsdraer op die kerkraad terwyl sy entosiasme en diensbaarheid vir 'n geruime tyd reeds geblus is. Tog laat Artikel 15 die deur vir 'n wesenlike gevaar oop. Die amp van ouderling en diaken is 'n Christologiese verskynsel en nie 'n ekklesiologiese verskynsel nie. In Efesiërs 4:11-12 stel Christus dit duidelik dat Hy ampsdraers tot sy diens roep sodat hulle as gawes vir sy kerk kan dien. Wanneer Christus mense tot sy diens roep koppel Hy nie 'n tydperk aan hulle roeping nie. Atrikel 15 het 'n ekklesiologiese ondertoon deurdat dit die amp van ouderling en diaken meer kerklik en struktuurmatig inkleur.

## 7. DIE AMP IN 'N ERA VAN VERNUWING

In die jongste tyd het daar ingrypende veranderinge in die kerk sowel as die samelewing ingetree. Boonop moet die kerk nog by vroeëre verandering aanpas. Dit neem tyd om by 'n bepaalde verandering aan te pas. Aan die ander kant hou die golf van verandering nie op breek nie. Hierdie toedrag van sake plaas groot druk op 'n gemeente sowel sy ampsdraers. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk se posisie in die samelewing en konteks het drasties verander. Inspraak in landsbesluite en 'n beskermende ruimte waarin die Nederduitse Gereformeerde Kerk geopereer het, was geredelik deur die regering van die dag aanvaar. Maar die verandering wat 1994 te weeg gebring het, het die hele konteks verander.

Gevolglik raak die nuwe bedeling die dienswerk van ouderlinge en diakens direk. Teen hierdie agtergrond vra Trimp vir 'n herwaardering van die kerk se diakonaat (Van't Spijker 1990:453). Trimp berus sy oproep op:

(a) Die feit dat die kerk nie net by woorde moet volstaan nie. Dit is van kardinale belang dat die kerk die daad by die woord voeg;
(b) Die kerk is geroep om die nood van die wêreld te verlig;
(c) Daar heers 'n ongesonde balans tussen kos, geld en welvaart. Die kerk moet alles in sy vermoë doen om hierdie wanbalans reg te stel;
(d) Diens van barmhartigheid is per definisie, diens van geregtigheid. "Geregtigheid duidt op een zodanige helpende houding";
(e) Dat die kerk voortdurend op weg is.

Ook Burger is bewus van die probleem. In sy boek, *Gemeentes in transito*, pleit Burger dat die kerk bedag moet wees op sy veranderende situasie waarin die kerk homself bevind. Burger fokus op 'n paar skuiwe en aanpassings wat op die kerk se bedieningsvlakke gemaak moet word. Die waarde van Burger se opmerking kom na vore wanneer die ampte as bedieningsterrein onder die loep geneem word. Verskuiwings in denke beteken nie altyd ingrypende veranderinge nie. Verskuiwings in denke vra soms dat die "vuil lense" net weer skoon gemaak moet word. Hierdie verskuiwings in denke "is sonder effek as dit nie gereflekteer word in die leierskap en leierskapstyl van die gemeente nie". In die laaste plek vra Burger hoe hierdie skuiwe deur die Woordbediening in die gemeente ondersteun word. Self erken Burger dat hy die Woordebediening nie as minder belangrik bekou nie, maar dat die kerk in 'n patroon verval het, waar ons te veel van nét woordbediening verwag het, asof skuiwe op hierdie vlak alleen genoeg sou wees om die verskil te maak (Burger 1994:37–38).

Dat daar in ons tyd opnuut na die ampte en hulle dienswerk gekyk moet word is nie altemit nie. Indien ons sou nalaat om die ampte in oënskou te neem sal ons inderdaad ons ryke gereformeerde leer verraai. Daar bestaan inderdaad die moontlikheid vir verskuiwings in denke indien dit nodig blyk te wees. In 'n tyd waarin daar standvastigheid in 'n era van verandering probeer skep word, klink terme soos *leiers-* en *leierskapstyle* al meer na vore. Vanuit die Skrif, Gereformeerde leer en Belydenisskrifte word daar nie na ampsdraers as leiers met leiersskapstyle verwys nie. Die ampte is in hulle wese ampte van diens. Binne die kerk is daar inderdaad 'n Hoof met 'n bepaalde leierskapstyl. Christus is en bly die enigste Hoof en regeerder, ook in 'n era van vernuwing, oor die kerk. Deur sy Woord en Gees maak

Christus sy wil duidelik vir sy kerk. Teen die agtergrond kan daar nie in die kerk van leiers- en leierskapstyle sprake wees nie.

In die praktiese gestaltegewing word die amp as diens sigbaar in 'n bedieningstyl. Natuurlik is hierdie bedieningstyl rigtinggewend vir die plaaslike gemeente en gemeenskap. Aan die woorde leierskap- en leierskapstyle kan bepaalde konotasies geheg word. Leierskap dra in sy kern die betekenis van 'n hoofman en volgelinge. Vanuit die gereformeerde leer bely ons dat Christus die Hoof van sy kerk is. Gelowiges, ook ampsdraers, is navolgers en dienaars van hulle Hoof Christus. Daar is 'n goeie rede vir die kerk se belydenis *Sola Scriptura*. Christus, as Hoof, regeer sy kerk deur sy Woord en Gees. Deur sy Woord **roep** en **stuur** Christus sy dienaars om tot diens van die kerk te wees. Die Skrif alleen gee aan die kerk die basis vanwaar die kerk, die ampte in die besonder, hulle dienswerk vanaf verrig. Die klem val op die Woord wat bedien word en die ampsdraer se reaksie, wat kortom dienswerk genoem word, op die verkondigende Woord. In 'n tyd van verandering word sosiologiese - en maatskaplike modelle egter eerder aangegryp om stabiliteit aan te help. Hierdie modelle het inderdaad 'n rol te speel om ampsdraers in hulle dienswerk te help. Tog moet ons in gedagte hou dat die kerk, ook ampte, se primêre vertrekpunt die Skrif en nie sosiologiese- en maatskaplike modelle is nie. Daar mag nooit 'n situasie ontstaan waar die Skrif 'n bepaalde model dien nie. Christus roep nie modelle tot sy diens nie, Christus roep mense tot sy diens. Die ampsdraers se dienswerk kan voorts nie in terme van 'n model uitgedruk word nie. Die vergestalting van ampsdraers se dienswerk is 'n uitdrukking van hulle gehoorsaamheid aan die Woord. Burger se opmerking dat dit belangrik is dat die prediking sigbaar gestalte in die kerk se dienswerk moet kry is 'n opmerking wat nie geignoreer kan word nie (Burger 1995:37). Deur die bediening van die Woord praat die opgestane Christus met elke gelowige, ook ouderlinge en diakens. Deur sy Woord roep, bemoedig en berei Christus ampsdraers voor om diensbaar te wees.

Burger pleit voorts vir "'n sterker fokus op die bewusmaking van die humane, mensliewende kant van die Evangelie" (Burger 1995:49). In sy pleidooi beklemtoon Burger die feit dat die "mens-kant" nie teenoor *soli Deo gloria* staan nie. Wanneer Burger se pleidooi in perspektief beskou word sluit dit 'n wêreld vir ampsdraers oop wat haas ondenkbaar was. Dit is natuurlik van uiterste belang dat daar teen 'n oorbeklemtoning van die "mens-kant" gewaak moet word. Christus se Hoofskap impliseer dat Christus volgelinge moet hê. Die gemeenskap van die gelowiges is juis dit. Die ampte, wat tot die Hoof se diens geroep is, moet fyn ingestel wees om die verhouding tussen Christus en sy kerk, en die onderlinge verhoudinge tussen die gemeenskap van die gelowiges in die regte perspektief te sien.

Christus roep mense (ampte) tot sy diens om mense te dien. Geen ampsdraer kan sy dienswerk sonder 'n "mens-fokus" verrig nie. In die verband is dit belangrik om op te merk dat die ampte nie hulle fokus op hulle Hoof Christus deur hulle "mens-fokus" moet laat vertroebel nie. Per slot van sake is dit juis die Hoof wat die ampte na sy onderdane stuur. Burger sluit sy pleidooi, op hierdie punt, soos volg af: "Ons sal kerkraadslede moet help verstaan dat die kern van hulle amp diens aan mense en die versorging en energering van mense is, ..... sal moet leer verstaan dat dit in die amp óók gaan oor 'n diepe belangstelling in mense" (Burger 1995:63). Die verwysing na "ons sal kerkraadslede moet help" kan nie ongesiens verby gaan nie. 'n Reeks vrae word deur die frase opgeroep:

(a) Na wie verwys die *ons*;

(b) Waar kry die *ons* die nodige insigte om die kerkraadslede te help?

Die gebruik van die term *ons* wat ampsdraers moet help is nie 'n gereformeerde begrip nie. Vanuit 'n gereformeerde vertrekpunt staan Christus as Hoof van sy kerk voorop. As Hoof help Christus, deur sy Woord en Gees ouderlinge en diakens om hulle dienswerk tot voordeel van die koninkryk uit te voer. Dit is Christus, en nie *ons*, wat dit doen. Die term *ons* kan ook nie net by die deur uitgegooi word nie. As mede gelowiges kan *ons* mekaar help om Christus se wil vanuit die Woord na te speur. Gevolglik moet ouderlinge en diakens mekaar steeds die vraag afvra: "Wat is Christus se wil vir *ons* dienswerk?". In dit alles bly Christus die handelende subjek.

Die profesionalisering van die amp moet, volgens Burger, ook aandag geniet (Burger 1995:97). Vir baie lank het die klem op die funksie van die amp en nie op die persoon wat in die amp staan geval. Hierdie toedrag van sake vra dringende verdiskontering. Die ampte, as geroepenes, staan ongetwyfeld in 'n verhouding met hulle Hoof Christus. Wanneer die geestelike sy van 'n ampsdraer afgeskeep word hou dit vir enige gemeente en ampsdraers katastrofiese gevolge in. Dieselfde geld ook vir die verwaarlosing van die persoon van 'n ampsdraer. Wanneer 'n ampsdraer sy verhouding ten opsigte van Christus eenkant toe skuif sal sy ampswerk as 'n "werk" en nie as "diens" benader word. 'n Ampsdraer wat nie vanuit 'n lewende verhouding met Christus sy dienswerk verrig nie, kan voorts in die slaggat van "hoofman-wees" trap. 'n Hoofman neem die verantwoordelikheid van die gemeente se leiding en geestelike groei op homself. In die proses speel persoonlike voor- en afkeure die leidende rol. Voorts kan 'n ampsdraer dink dat hy sy dienswerk namens iemand moet doen wat nie nou hier is nie, vervolgens nie vir Homself kan praat nie en nie sy eie belange kan verdedig en behartig nie. Gevolglik kan 'n situasie ontstaan waar 'n ampsdraer sy amp tot sy eie voordeel skaak.

## 8. PRAKTIESE TOEPASSING

Geen ondersoek sal volledig wees sonder 'n verrekening van die praktiese sy van die amp nie. Die ondersoek word afgesluit deur die bevindinge op 'n geïntigreerde wyse toe te pas. Christus het die ampte as 'n gawe aan sy kerk gegee (Efesiërs 4:11–12). Die rol van die ampte word omlyn deur die ampsdraer se getuienis, vermaning en vertroosting. Wanneer beide die formuliere vir die bevestiging van ouderlinge en diakens gelees word, word hierdie omlyning van die ampte baie duidelik verdiskonteer. Teen dié agtergrond gesien is die ampte onmisbaar vir enige gemeente en die kerk van Christus in die breë. Christus is per slot van sake deur middel van die ampte aktief in sy kerk betrokke. Daarom kan die gemeente en die ampte nie los van mekaar bestaan of funksioneer nie. Veral twee karakter einskappe moet by ampsdraers sigbaar wees: "Deze trouw of deze trouwe wijsheid" (Goumaz 1948:45). 'n Ampsdraer se trou sal duidelik blyk uit sy gehegtheid en toewyding aan die ware evangelie. Die geloofwaardigheid van die evangelie word nie deur die mens se geloof bekragtig nie. Die geloofwaardigheid van die Evangelie is in God gesetel wat sy heilswerk in Christus voltrek. Op die punt is dit belangrik om die fokus op die dienswerk van die ampte te laat val. Om in diens van die evangelie en die Here van die evangelie te staan is voorwaar 'n groot eer. 'n Gesindheid van nederigheid, dankbaarheid en afhanklikheid moet tiperend van die groot eer wees. Die feit dat God mense tot sy diens roep is 'n toonbeeld van genade. As geroepenes het ampsdraers aansien. Tog is dit belangrik dat die bron wat die aansien verleen nagespeur word. 'n Ampsdraer kry nie sy aansien van mense nie. Mense se voor- of afkeure mag en kan nooit die bepalende faktore vir aansien wees nie. Deur sy opdragte gee God aan sy ampsdraers die nodige aansien sodat hulle hul dienswerk skaamteloos kan uitleef.

Rondom die trou van 'n ampsdraer maak Calvyn 'n paar opmerkings. "Welnu, de trouw van de herder wordt verlang, veronderstelt bij hem vier dingen: (i) een volledige oorgawe aan zijn werk; (ii) oprechte lewenswandel; (iii) volhardende ijver en (iv) een zuiwer inzicht in de te vervullen taak" (Goumaz 1948:51–58). 'n Volledige oorgawe aan sy werk sal 'n ampsdraer bewaar van pligsversuim. 'n Ampsdraer moet oor 'n sterk pligsbesef beskik wat 'n direkte uitvloeisel van sy roepingsbewustheid is. Elke ampsdraer staan in 'n bepaalde verhouding tot sy mede ampsdraer en gemeente. As ampsdraer moet 'n ouderling of diaken 'n opbouende voorbeeld, soos deur evangelie uitgelig, aan sy mede ampsdraers en gemeentelede stel. Gevolglik moet alle lidmate met ewe veel aandag en belangstelling hanteer en benader word. Vir God is alle gelowiges ewe belangrik. Hoe durf 'n ampsdraer onderskeid tref? Ampsdraers moet voorts "geheel leven voor de heilige zaak van zijn Meester en er zich aan geven, zonder tijd of moeite te tellen". 'n Suiwer visie op die taak op

hande moet duidelik deur Skrifgronde omlyn wees. In die dienswerk van 'n ampsdraer moet Christus se verlossingswerk, diens en die evangelie mekaar ontmoet. Geen tyd en moeite moet in die verband ontsien word nie.

Rakende die dienswerk van die ampte maak Dijk die volgende opmerking: "de kerklijke arbeid kan zich nergens aan het sociale leven onttrekken, maar zeker niet comunaal geoefend wordt, maar sterk speciaal, en het heel bepaald in het gezin van deze of gene rijk fabrikant of welgestelde boer en in die woning van die of die sigarenmaker of landarbeider"(Dijk 1952:154). Hierdie aanhaling het verreikende gevolge vir die dienswerk van enige ampsdraer. Wanneer daar oor die plaaslike gemeente gedink, gepraat of geskryf word, kan dit gebeur dat gesigte en persoonlikhede verdof tot 'n see van mense. Die plaaslike gemeente en die wêreld bestaan nie net uit 'n massa mense nie, maar ook uit individue. Elke lidmaat verteenwoordig 'n bepaalde agtergrond, denkwyse en lewensstyl. In 'n massa-benadering tot dienswerk verloor lidmate maklik hulle identiteit in Christus en hulle self deurdat hulle net in die massa bedien word. Die teendeel is ook waar. Daar kan maklik 'n situasie ontstaan waar die prominente, gesiene en kerklik aktiewe lidmate al die aandag kry terwyl ander lidmate nie so gelukkig is nie. Die Evangelie leer ons op verskeie plekke dat alle gelowiges in Christus gelyk voor God staan. In Christus het God nie tussen mense onderskeid getref toe sy Evangelie aan die wêreld verkondig is nie. In die lig van die Evangelie is elke gelowige as sodanig 'n unieke bedieningsveld. Die ampte se dienswerk bereik eers hulle teikenveld wanneer gelowiges as individue beskou word wat deur die kruis en opstanding van Christus in 'n gemeenskap van gelowiges saam gevoeg is.

Die dienswerk van diakens kan deur die woord barmhartigheid opgesom word. Barmhartigheid omsluit die geestelike en materieële behoeftes van die mens. In sy boek, *Dienst der kerk*, skryf Dijk: "dat we van een skeiding tussen het stoffelijke en het geestelijke met willen weten; wie stoffelijke steun biedt en de ellendige mens van geestelijke armoede laat om komen zondertot hem te spreken van die rijkdom der ontferming die in Jezus Christus is, verwaarloost schromelijk zijn roeping" (Dijk 1952:224). Die ander kant van die argument is ook waar. Pligsversuim tree in wanneer 'n ampsdraer die siel voed maar nalaat om aan die liggaamlike behoeftes van 'n persoon te voorsien. Barmhartigheid het twee kante wat 'n onlosmaaklike eenheid vorm. Enersyds fokus barmhartigheid op geestelike behoeftes en andersyds op materieële behoeftes van mense. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika se Formulier vir die bevestiging van diakens neem beide hierdie kante deeglik in berekening: *waar hulp verleen word, moet ook die evangelie gebring word.* 'n Skeiding tussen liggaam en siel hou rampspoedige gevolge in. Ons menswees kom juis na vore in die

feit dat liggaam en siel saam verweef is tot 'n eenheid. Wanneer ons die Evangelies lees word dit duidelik dat Christus die mens se liggaam en siel as 'n eenheid hanteer het. Op verskeie plekke lees ons dat Jesus mense kos gegee het. Terwyl Jesus die skares gevoed het, het hy hulle ook geleer (geestelik gevoed). Dienswerk beteken in sy wese dat liggaam en siel versorg word sodat Christus as Hoof van die kerk daardeur verheerlik kan word.

Deur die dienswerk van die ampte, wat liggaam en siel voed, wys die kerk sy uniekheid en andersheid ten opsigte van die wêreld. Wanneer die ampte net aan die liggaamlike behoeftes van mense aandag gee is die kerk niks anders as 'n welsynsorganisasie nie. Ook filantrope plaas die liggaamlike versorging en welvaart van die mensdom voorop. Wanneer die ampte net aan die geestelike nood van mense aandag gee is die kerk niks anders as "siele jagters" nie. Sonder 'n gesonde liggaam is daar geen sprake van 'n gesonde siel nie. 'n Vraag wat baie reaksie ontlok is: Aan wie moet barmhartigheid bewys word? Op hierdie vraag is die formulier vir die bevestiging van diakens in die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika duidelik in sy antwoord: "Versorg in die eerste plek die medegelowiges, **maar** ook alle mense wat in nood verkeer". Wanneer ons die praktyk onder die loep neem blyk die teendeel dikwels waar. Dit is dikwels net lidmate van die plaaslike gemeente en ander medegelowiges wat barmhartigheid ontvang. In die Skrif leer God ons dat barmhartigheid God se genade aan die mensdom is. In sy optrede op aarde het Jesus die voorbeeld van barmhartigheid gestel. Met konsekwente reëlmaat het Christus aan gelowiges en ongelowiges barmhartigheid bewys. Christus roep ampsdraers en stuur ampsdraers om dieselfde te doen. Wanneer die ampte hulle barmhartigheidsdiens ten eerste aan die plaaslike gemeente en ten tweede aan die wêreld bewys is hulle beslis nie met welsynswerk of "siele jag" besig nie.

Die belydenis dat Christus sy kerk deur Woord en Gees lei moet konstant in en op elke ampsdraers se gedagtes en lippe wees. In sy kommentaar op Calvyn, staan Goumaz 'n groot gedeelte aan die leer wat verkondig en beskerm moet word af (Goumaz 1948:60 -70). "De leer is aller erst gezond, en daardoor zelfs onontbeerlijk". Die leer kan net gesonde wees wanneer dit die taal van die evangelie eggo. Ouderlinge moet in die besonder die gesonde leer met hulle hele wese verdedig. Die gesonde leer baan die weg vir 'n gesonde siel. 'n Gesonde siel hou die kerk vir tyd en ewigheid in gemeenskap met Jesus Christus ons Here. Deur die geslagte heen het ampsdraers, in die besonder ouderlinge, die gesonde leer met hart en siel gedra en bevorder. Die vroegste ontstaan van die gesonde leer is in die belofte van God aan Abraham opgesluit. Hierdie belofte loop liniêr vanaf die Aartsvaders en bereik sy ontknoping, heilshistories en histories, in Christus se kruisdood en opstanding. Die

vergestalting van God se belofte, asook die kern van die gesonde leer, sal met Christus se wederkoms aanbreek. Die leer is voorts onaantasbaar omrede die inhoud daarvan volledig is. Gevolglik hoef niks bygevoeg of weg gelaat word nie. Die onus rus op elke ampsdraer om die leer, soos God dit aan sy kerk gegee en toevertrou het, met sy hele wese te beskerm en uit te leef. Geloof en geloofsgroei kom in 'n gemeente tot stand wanneer die gesonde leer gehandhaaf word. Die gesonde leer moet nie net beskerm word nie, Goumaz beklemtoon dat die gesonde leer ook gepreek moet word. Deur die prediking word die stem van Christus, as Hoof van sy kerk, op 'n rigtinggewende manier gehoor. In die verband beklemtoon Goumaz, soos Calvyn, die tweestemmige karakter (*duplex vox*) van die Woord. Die eerste stem van die Woord "moet zonder ophouden een bevestiging geven van de zekerhede van het Evangelie, dat het geloof doet gebore worden". Ampsdraers as draers van die gesonde leer, moet toesien dat die lewens van mense met wysheid gesnee word. Per implikasie beteken dit dat die snykant van die swaard nie ten koste van menslike voor- en afkeure agterweë gelaat word nie. In die verband mag die werking van die Gees nie buite rekening gelaat word nie. Christus regeer sy kerk primêr deur sy Woord en Gees. Wanneer die stem van die evangelie en die Gees gehoorsaam word, hoor die bruid die stem van haar Bruidegom. Die tweede stem fokus nie op die gemeente nie. Deur die tweede stem spreek Christus die teëstanders van die gesonde leer aan om aan hulle die waarheid bekend te maak. Hierdie teëstanders van die gesonde leer sluit almal in wat die bevordering van die evangelie bedreig. Natuurlik is die teëstanders nie almal buite die kerk nie. Daar is teoloë, predikers, ouderlinge, diakens en lidmate wat deur dwaalleer die bevordering van die evangelie bedreig.

Christus het sy kerk in hierdie wêreld geplant. Gevolglik staan die ampte ook in 'n verhouding tot die wêreld. Ampsdraers moet die lig, wat op hul Verlosser fokus, met oorgawe in hulle lewe en dienswerk uitstraal. Sodoende sal ook die wêreld kan sien dat hulle in Christus se diens staan. Deur met hulle dienswerk die kollig op Chrisus te plaas kan die wêreld Chrisus raaksien. Natuurlik staan ampsdraers ook in 'n bepaalde verhouding tot die plaaslike gemeente. "By ampsdraers moet een houding te vinden zijn van een al toewijding, bij de houding te vinden die van genegenheid en liefde" (Goumaz 1948:100). 'n Ampsdraer kan net liefde en omgee aan ander bewys wanneer hy besef dat Christus hom eerste lief gehad het. Wanneer 'n ampsdraer tot hierdie besef gekom het, kan hy nie anders om Christus se liefde met ander te deel nie. Wanneer 'n gemeentelid of wêreldling liefde, toewyding en omgee van 'n ampsdraer ontvang word die kerk van Christus opgebou en uitgebrei. Die positiewe ingesteldheid van ampsdraers is direk herleibaar as 'n vrug van die Gees.

Die kern getuienis van die vroegste kerk was **dat Jesus Christus die Here is.** Voortspruitend het die reformatore vanaf die vroegste tye bely dat Christus as Here sy kerk deur sy Woord en Gees regeer en lei. Gevolglik kan die dienswerk van die amp nie los van die werking van die Heilige Gees verstaan word nie. "Het Woord (van den Heilige Geest geïnspireerd) is daarbij niet te scheiden van den Geest, die na dit Woord, dit Schriftgeworden Woord, gebruikt" (Prins 1949:327). Die implikasies is duidelik: Die Gees wat die Skrif geïnspireer het is dieselfde Gees wat ampsdraers inspireer om hulle dienswerk te doen. Met sy hemelvaart het Christus sy Gees gestuur om sy kerk te lei, versorg en te stuur. Die amp kan dus nooit los van die Skrif en die werking van die Heilige Gees verstaan of ingeklee word nie. Volgens Prins het Christus aan sy kerk drie geskenke gegee. Elk van die geskenke is nou met mekaar vervleg. 'n Oorbeklemtoning van die een ten koste van die ander sal veroorsaak dat die gereformeerde spoor byster geraak word. Prins som die geskenke as volg op: Woord, Gees en ampte (Prins 1949:330). Die oorbeklemtoning van een van die geskenke ten koste van die ander hou katastrofiese gevolge vir enige gemeente in. Wanneer die Gees oorbeklemtoon word trap die ampte in die inkleding van hulle dienswerk in die slagyster van mistisisme. Wanneer die Skrif gerelativeer word, dien die mens se voor- en afkeure as norm vir die inkleding van die ampte. Wanneer die Gees in die regte lig beskou word, word die ampte van verstarring en ortodoksisme bewaar. Die Gees is per slot van sake nie van gister af in die kerk teenwoordig nie. Christus het sy kerk deur die eeu deur sy Woord en Gees gelei sodat ook ons vandag kan opstaan en sê: "Ons glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde, en in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here; wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore is uit die maagd Maria; wat gelei het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, gesterf het en begrawe is, en ter helle neergedaal het; wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dode; wat opgevaar het na die hemel, en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader, van waar Hy sal kom om te oordeel die wat nog lewe en die wat reeds gesterf het. Ek glo in die Heilige Gees. Ek glo aan 'n heilige, algemene, Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges; die vergewing van sondes; die opstanding van die vlees en 'n ewige lewe".

Deur die Gees word ampsdraers se oë geopen om hulle bediening vanuit die ryke skatkis van die Skrif aan te pak. Waar teen 'n eensydige beklemtoning van die Gees gewaak moet word is dieselfde ook van die Skrif waar. Waar die Skrif ten koste van die Heilige Gees verhef word kan ampsdraers nie die emosie en die warm hart van die evangelie ervaar nie. Christus se koninkryk bestaan uit mense met emosies, mense wat die pyn en die vreugde van die lewe op 'n daaglikse basis ervaar. Teen hierdie agtergrond moet die roeping van ampsdraers verstaan word. Christus roep mense wat emosioneel aan die wêreld gebind is om mense, wat

deur dieselfde emosies gebind is tot diens te wees. Watter beter leiding kan daar anders as die Heilige Gees wees? Dit is per slot van rekening die Heilige Gees wat die volheid van die Skrif in mense (ook ampsdraers) se harte laat deurbreek.

'n Oorbeklemtoning van die amp lei ook tot rampspoedige gevolge. "Wanneer het ambt ooit iets anders wordt dan een ootmoedige dienst aan de Schrift en door dan Geest, en een gezag oefenen over de gelovigen uitsluitend onder de overkoepeling dood de Heilige Sckrift en vervuld met den Geest van Christus dan lijdt dit ambt aan een zondige antrophie" (Prins 1949:331). Wanneer dit die toedrag van sake is, is die amp nie meer soos deur Christus ingestel nie maar eerder 'n karikatuur. Die amp is per definisie 'n amp waar Christus verteenwoordig word deur die bediening van die Woord aan mense onder leiding van die Heilige Gees. Die amp funksioneer tussen twee duidelike merkers. Christus lei en stuur ampsdraers deur sy Woord en Gees, sodat die burgers van sy koninkryk gedien kan word.

'n Saak wat dikwels in gebreke bly, wanneer oor ampsdraers en hulle bediening gepraat word, is gebed. Prins gaan so vêr om gebed gelyk aan die geestelike werk van die kerk te stel. Deur gebed smeek 'n ampsdraer die Gees om die nodige leiding, krag en insig. Sonder die leiding van die Gees kan geen ampsdraer tot diens van Christus en sy kerk wees nie. Deur sy Gees skenk Christus die nodige gawes aan sy dienaars. Deur sy Gees open Christus ampsdraers se geloofsoë om die Woord te verstaan, toe te pas en uit te leef. Oor die Gees en die impak van die Gees op die amp skryf Prins: "Zoals met den Heiligen Geest het ambt waarlijk een dienen is van Christus en van den naaste, zo is het zonder den Heiligen Geest een in den weg staan van Christus en den naast" (Prins 1949:335). Die Heilige Gees is nie 'n statiese entiteit in besit van die kerk nie. Inteendeel, die Heilige Gees aktiveer 'n dienaar om tot diens oor te gaan.

Wat die verhouding van die amp tot die gemeente betref, beklemtoon De Klerk die gedagte dat dit 'n voorreg is om in die amp te staan (De Klerk 1988:196). Hierdie insig rakende die amp is slegs moontlik wanneer die amp as 'n lewende diens erken word en die gedagte van die amp as 'n versiering en status posisie by die venster uitgegooi word. Vanuit hierdie ontdekking word die amp natuurlik in 'n ander lig beskou. Wanneer die amp nie doeltreffend funksioneer nie, wek dit 'n onrusbarende situasie op, wat spoedig aandag verdien. Tog moet daarteen gewaak word dat die suksesse van die amp tot norm verhef word. Die realiteite is dat die bediening van die kerk, meer spesifiek die bediening van die ampte, selde volgens menslike standaarde in die kategorie van 'n suksesverhaal geplaas kan word. Dat die ampte 'n rol te speel het, is bepaald so. Daarom het Calvyn dit, volgens Goumaz, duidelik gestel

dat 'n dienaar slegs sy sending kan voltooi in die mate wat hy 'n kind van God is (De Klerk 1988:201). Gevolglik kan 'n ampsdraer net sy doel bereik wanneer hy die Koning op die troon sien sit. Daar kan slegs sprake van diepgang in 'n ampsdraer se dienswerk wees as hy daagliks in afhanklikheid aan die Koning se voete kniel.

Die regering van die kerk met Christus as hoof noop 'n paar verdere opmerkings. Ten eerste moet die kerk besef dat sy nie kan bepaal dat Christus die kerk regeer nie. 'n Belydenis dat Christus die Hoof van die kerk is, is ook 'n getuienis. 'n Getuienis waarin ampsdraers en gemeente besef dat die regering met Christus as Hoof nie 'n handeling is waaroor die kerk besluit nie. 'n Christusregering is iets waarvoor die kerk moet bid en waarop die kerk moet wag. Voorts is dit belangrik dat ampsdraers en gemeente daagliks moet bid dat Christus sy kerk teen 'n hiërargiese inkleding van die amp moet bewaak. In haar wese is die kerk 'n Christokrasie en nie 'n demokrasie nie. "Het principiële uitgangspunt, wanneer het over de regering van de kerk gaat, is de wil van Christus beslissend, want Hij het Hoofd van zijn gemeente"(Van Genderen en Velema 1992:661). Dit plaas gevolglik die verantwoordelikheid op ampsdraers om die lig wat Christus as hoof uitstraal te reflekteer.

As Hoof roep God nie die bekwames om sy hoofskap uit te straal nie. Christus roep onbekwames en bekwaam hulle deur sy Gees om in sy diens te staan. In sy *Institusie IV* gee Calvyn 'n breedvoerige perspektief op die ampte asook die regering van die kerk (Calvyn 1559:1317–1333). Christus is die enigste hoof van die kerk. As Hoof gee Christus deur sy Woord sigbaar aan sy hoofskap gestalte. Calvyn erken dat Christus mense tot sy diens roep omrede Hy nie op 'n sigbare wyse in sy kerk aanwesig kan wees nie. Is Christus nie by magte om self sy dienswerk te verrig nie? Op hierdie vraag gee Calvyn 'n tweedelig antwoord om die teendeel te bewys: (i) Christus bewys sy agting vir mense deur mense tot sy diens te roep, (ii) Voorts is dit die beste en nuttigste oefening vir nederigheid wanneer Christus ons daaraan gewoond maak om sy Woord te gehoorsaam, selfs al sou dit deur mense aan ons verkondig word.

Tot op hede is daar 'n sterk klem op die roeping van die amp geplaas. Tog moet die vraag oor hoe Christus mense tot sy diens roep gevra word. Ampsdraers word vanuit die plaaslike gemeente geroep. Genomineerdes moet op die roeping vanuit die gemeente antwoord. Hierdie proses is nodig om vanuit gemeente geledere, seker te maak dat persone wat die gemeente skade kan berokken, nie tot die ampte verkies word nie. 'n Genomineerde persoon moet voor sy antwoord deur gebed die saak met Christus as hoof van die kerk uitmaak. 'n Nominasie as ouderling of diaken is nie 'n saak wat ligtelik opgeneem kan word nie. Die

roeping van 'n ouderling of diaken bestaan, volgens Calvyn, uit 'n innerlike- en 'n ui
roeping. Die uiterlike roeping fokus op die gemeente wat 'n persoon tot 'n bepaalde
roep. Die innerlike roeping fokus op Christus wat in 'n gelowige se hart sy roepstem t
diens laat hoor.

## 10. BRONNE


Bavinck, H. 1918. *Gereformeerde Dogmatiek.* Kok: Kampen.

Beker, J.C. 1994. *The New testament, a Thematic Introduction.* Fortress Press: Minneapolis.

Bouma, C 1953. *Korte Verklaring Der Heilige Schrift met Nieuwe Vertaling.* Kok: Kampen.

Burger, C.W. 1995. *Gemeentes in Transito.* Lux Verbi: Kaapstad

Coertzen, P. 1989. Die belydenisskrifte en ander bronne vir die beoefening van kerkreg en kerkregering. ***NGTT XXX (1)***, Januarie.

Coertzen, P. 1990. "Regering, opsig en tug in die kerk". ***NGTT XXI (2)***, Junie.

D 'Assonville, V.E. 1992. Institusie van die Christelike Godsdiens IV (Vertaal deur H.W. Simpson) CJBF: Potchefstroom.

De Klerk, J.J. 1985. *Verbond en bediening.* NGK Uitgewers: Kaapstad.

De Klerk, J.J. 1988. "Die lewende amp". ***NGTT XXIX (2)***, April

Dijk, K. 1952. *De Dienst der Kerk.* Kok: Kampen.

Dijk, K. 1955. *De Dienst der Prediking.* Kok: Kampen.

Earle, R. 1978. *1 Timothy: The Expositor's Bible Commentary* Vol. 11. Zondervan: Grand Rapids.

Goumaz, L. 1948. *Ambt bij Calvijn.* Wever: Franeker.

Haitjema, T. 1962. *De Heidelbergse Katechismus, als klankbodem en inhoud van het actuele belijden onzer kerk.* Veenman en Zonen: Wageningen.

Helbert, E.D. 1978. *Titus: The Expositor's Bible Commentary* Vol. 11. Zondervan: Grand Rapids.

Heyns, J.A. 1992. *Inleiding tot die dogmatiek.* NGK Boekhandel: Pretoria.

Jonker, W.D. 1965. *Om die regering van Christus in sy kerk.* Unisa: Pretoria.

Jonker, W.D. 1994. Bevrydende Waarheid. ABC Boekdrukkery: Epping.

*Kerkorde, Bepalinge en Reglemente* van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. 2003. Lux Verbi: Wellington.

Klijn, A.F.J. 1980. *An Introduction to the New Testament.* Brill: Leiden.

Mappes, D. 1997. The "elder" in the Old and New Testaments. *Bibliotheca Sacra* 154, 80 – 92.

Mappes, D. 1997. The discipline of a sinning elder. *Bibliotheca Sacra* 154, 333 – 343.

Mappes, D. 1997. The New Testament elder, overseer, and pastor. *Bibliotheca Sacra* 154, 162 – 174.

Nauta, D. 1971. *Verklaring van die Kerkorde van de Gereformeerde Kerken in Nederland.* Kok: Kampen.

Ons glo – *Die drie Formuliere van Eenheid en Ekumeniese Belydenisse* 1982. NGK Uitgewers: Kaapstad.

Polman, A.D. 1950?. *Woord en Blijdenis. Eenvoudige verklaring van de Nederlandse Geloofsbelijdenis.* Wever: Franeker.

Pelser, G.M.M. 1984. *Handleiding by die Nuwe Testament* (V). NG Kerkboekhandel Transvaal: Pretoria.

Prins, P. 1949. *De Heilige Geest.* Kok: Kampen.

Rossouw, P.J. 1988. *Gereformeerde ampsbediening.* NGK Boekhandel: Pretoria.
Smelik, E.L. 1961. *De Prediking Van Het Nieuwe Testament.* Callenbach: Nijkerk, Nederland.

Strauss, P.J. 1991. *Byderwets en Gereformeerd.* N.G. Sendingpers: Bloemfontein.

Van Genderen, J. en Veelema, W.H. 1992. *Beknopte Gereformeerde Dogmatiek.* Kok: Kampen.

Van Zyl, H.C. 1998. "The evolution of church leadership in the New Testament – a new consensus?" *Neotestamentica* 32 (2), 585 – 604.

Van't Spijker, W. 1990. *De Kerk.* De Groot Goudriaan: Kampen.

Visser, J.A. 1980. Kerklike tug, wat sê die Nuwe Testament? CJBF: Potchefstroom.

Voster, J.M. 1987. "Die sleutels van die koninkryk van die hemel". ***NGTT XXVIII (1)*** Januarie.

Handboek vir die erediens van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1988. NGK-Uitgewers.

Van Ruler A.A. 1947. *Plaats en functie der belijdenis in de kerk,* in: Visie en Vaart. Amsterdam, Holland.